

**365**  
**wyshede**  
*uit die pen van*

**HETTIE**  
**BRITZ**



Oor **DISSIPLINE**, **GESAG**  
en **OUERSKAP**

# Leesfees

## vir jou Gees

As jy 'n passie het vir boeke net soos ons, gaan maak 'n draai op ons webtuiste en Facebookblad. Wees eerste om die nuus van al ons nuwe boeke te kry.

### **KLIEK OP**

leesfeesvirjougees.co.za vir die nuutste nuus, uittreksels, video's van die skrywers en om te lees van nuwe en ouer boeke.

### **KOOP AANLYN**

al ons boeke enige tyd van die dag, teen spesiale afslag op [voelgoedwinkel.co.za](http://voelgoedwinkel.co.za) sonder om te soek en in lang rye te staan.

### **LIKE ONS BLAD,**

Leesfees vir jou Gees op Facebook vir daaglikse inspirasie, kompetisies sen om die nuus eerste te hoor.

### **PUBLISEER SELF**

deur 'n draai te maak op [myboek.co.za](http://myboek.co.za) en ons help jou om die skrywer te word wat jy nog altyd wou wees.

### **STUUR 'N E-POS**

vir enige navrae oor ou en nuwe boeke aan [boeke@carpediem.co.za](mailto:boeke@carpediem.co.za).

### **LEES DIGITAAL**

al ons boeke op jou tablet of iPad deur te klik op [e-boeke.co.za](http://e-boeke.co.za).

365 wysshede uit die pen van Hettie Brittz  
uitgegee deur Carpe Diem Media

© 2015 Carpe Diem Media  
Eerste uitgawe, eerste druk 2015  
ISBN 978-1-43220-466-2  
PDF ISBN 978-1-43220-513-3

Setwerk • Anna Rautenbach  
Saamgestel deur • Doretha Rost  
Proefleser • Emmerentia Steyn  
Fotoredakteur • Nadene Naudé  
Omslagontwerp • Zelda Botha

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek  
mag gereproduseer word in enige vorm of op enige manier  
sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie.

KONTAKBESONDERHEDE  
Carpe Diem Media  
Posbus 5801 Vanderbijlpark 1900  
Tel • (016) 982 3617 Faks • (016) 982 3618  
E-pos • boeke@carpediem.co.za



Gedruk en gebind deur Interpak Books



Ook beskikbaar as e-boek  
Klik op [www.e-boeke.co.za](http://www.e-boeke.co.za)

**365**  
**wyshede**  
*uit die pen van*  
**HETTIE**  
**BRITZ**

Oor DISSCIPLINE, GESAG  
en OUERSKAP

# Voorwoord

HETTIE BRITZ is veral bekend vir haar boek, *Kweek kinders met karakter*, wat fokus op kinders grootmaak rondom 'n verstaan van elkeen se unieke temperament.



**N**og voordat sy begin skryf het, het Hettie 'n omgeehart vir ma's gehad. Sy bied al jare werkswinkels en motiveringspraatjies aan ma's wat met hulle hande in hulle hare oor hulle kroos sit. Sy is self ma van drie en ken eerstehands die vrese en vreugdes van kinders grootmaak.

Sy word ook gereeld gevra om in tydskrifte soos FINESSE haar kennis te deel. Dit doen sy altyd op haar reguit-praat manier met die liefde van Jesus as fondament.

**H**ettie is getroud met Louis, wat bekend is as

gospelsanger en skrywer. As egpaar is dit hulle passie om met mense te deel watter verskil geloof in jou lewe kan maak. En dis vanuit hierdie geloof wat Hettie ook ouers wil motiveer en leiding gee.

**H**ettie het 'n ongewone en kreatiewe manier van kyk na opvoedingsbeginsels. Met grappige stories en raakvat beskrywings waarmee elke ma en pa kan identifiseer, verseker sy elke ouer: Jy is nie alleen nie. Dis nie net jou kind wat sonder 'n handboek gebore is nie. En dan gee sy die handboek wat vir elke unieke kind kan werk.

**I**n hierdie boek is 'n versameling raad wat werk, aksieplanne wat dissipline verbeter, en insig wat ouers help om hulle kinders regtig te verstaan. Die aanhalings is kort, maar sal jou as ouer buitengewoon versterk. Deur elke dag hierdie woorde te lees, kan jy leer om effektief aan jou kind leiding te gee – in liefde en met begrip vir wie hy of sy is.

*Samesteller*



**365 wyshede**  
**uit die pen van Hettie Britz**

is hierdie opvoedkundige  
kenner se geskenk aan  
elke ma en pa wat verstaan  
dat hulle kinders deur  
God aan hulle geleen is.







**Oor DISSCIPLINE, GESAG  
en OUERSKAP**

# Indeks

## A

Aandag: 39, 72, 76, 111, 127, 134, 149, 180, 193

Aanmoediging: 58, 93, 104, 142, 219

Aannames: 111

Aanraking: 75, 135, 144

Aanvaarding: 39, 162

Allergieë: 37, 161

## B

Bakleivrye sones: 152

Bederf: 60, 119, 120, 131, 149, 219

Begroting: 105, 115

Behoeftes: 50, 95, 124, 158

Belangstelling: 41, 58, 128, 132, 152, 175

Beloftes: 43, 51, 108, 137, 185

Belonings: 35, 108, 138, 142, 244

Beskerming: 45, 89, 96, 101, 117, 131, 132, 154, 222

Beskuldigings: 63, 112, 113, 136

Besluite: 90, 113, 137, 153

Bid: 82, 107, 190, 227, 245

Bybel: 43, 88, 142, 155, 185, 197, 230, 239, 242

## D

Dissipline: 34, 35, 37, 44, 50, 57, 66, 69, 81, 95, 165,

176, 177, 189, 195, 198, 199, 200, 212, 219, 232,  
240

Druk: 175, 181, 205, 226

Drukkies: 57, 70, 102, 198, 244

Dwelms: 61, 206

## **E**

Eetgewoontes: 200, 211, 212

Emosies: 99, 121, 150, 159, 164, 204, 227

Emosionele ontwikkeling: 147, 222

Energie: 126, 133, 214, 218

Erkenning: 111, 116

## **F**

Facebook: 132, 197

Fiemies: 161

Frustrasies: 110

## **G**

Geborgenheid: 169

Gedrag: 34, 67, 71, 111, 113, 116, 135, 150, 154,  
165, 177, 182, 192, 193, 194, 195, 222, 224, 229,  
230

Geduld: 123, 204, 224, 229

Gehoorsaamheid: 44, 59, 139, 141, 165, 168, 176,  
178, 179, 207, 209, 210, 211, 223, 225, 244

Geld: 90, 107, 108, 117, 198, 215

Gelykheid: 108, 185, 237

Gesag: 39, 40, 41, 44, 47, 48, 49, 50, 51, 52, 53, 54,

55, 57, 63, 66, 71, 89, 101, 105, 107, 113, 114,  
124, 128, 131, 139, 140, 143, 144, 168, 176, 177,  
179, 180, 181, 197, 198, 199, 216, 221, 224, 227,  
230, 233, 234, 237, 239, 240, 241, 242, 243, 245  
Gesin: 35, 41, 130, 132, 149, 156, 181, 188, 197,  
222, 227, 242  
Gesindheid: 129, 140, 165, 222  
Gesondheid: 133, 158  
Gevare: 96, 117  
Gevolge: 108, 138, 146, 166, 206, 208, 241, 242  
Geweld: 104, 245  
Goedkeuring: 104, 244  
Grense: 105, 107, 114, 179, 180, 188, 197, 200  
Groepsdruk: 202, 203, 204

## **H**

Huil: 60, 78, 120, 123, 150, 174  
Huisreëls: 152  
Hulp: 29, 74, 111, 207  
Huwelik: 50, 105, 123, 137, 187, 197

## **I**

Identiteit: 112, 234  
Ignoreer: 67, 157, 180, 208, 234

## **J**

Jaloesie: 140  
Jesus: 28, 45, 66, 139, 142, 162, 183, 186, 188, 190,  
194, 195, 235, 237

## **K**

Karakter: 38, 41, 44, 68, 83, 133, 140, 187, 233, 235, 236

Karaktereienskappe: 186

Keuses: 32, 36, 108, 113, 137, 153, 202, 206, 223, 228

Kleinkinders: 196, 198

Kleuterjare: 78, 125

Kleuters: 54, 61, 78, 94, 98, 99, 115, 162

Kommunikasie: 38, 63, 147

Kompetisie: 175, 213, 237

Konflik: 60, 118, 125, 152, 163, 167, 174, 199, 227, 243

Konsekwentheid: 62, 189

## **L**

Lees: 35, 49, 185, 200

Leiding: 111

Lewensdoel: 123, 233

Lewenswysheid: 186

Liefde: 27, 32, 34, 35, 39, 57, 59, 75, 93, 102, 120, 132, 164, 170, 172, 174, 176, 177, 178, 190, 201, 204, 213, 215, 229, 233, 241, 244

Liefdestaal: 135

Luistervaardighede: 105

Lyfstraf: 155

## **M**

Maats: 206

Magstryd: 133  
Manipulasie: 39, 116, 118, 120, 122, 123, 128, 132,  
136, 137, 138, 139, 143  
Manipulasietegnieke: 112, 114, 140, 155  
Mishandeling: 29, 245  
Moegheid: 103, 151, 219  
Musiek: 35, 194

## **N**

Nalantenskap: 123

## **O**

Ondankbaarheid: 149  
Ondersteuning: 81, 116  
Onderwysers: 80, 201, 216  
Onregverdigheid: 138, 238  
Ontevredenheid: 149, 231  
Onvervangbaar: 110, 119  
Oorbeskerming: 95, 166  
Oortredings: 68, 146  
Opofferings: 134  
Ouerskapbenadering: 44  
Ouerskapstyl: 197  
Ouma: 147, 196, 197, 198, 199  
Oupa: 196, 197, 198, 199

## **P**

Pak slae: 146, 156, 177  
Perke: 113, 124, 153

Persoonlikheid: 204, 221

Pligte: 153

Potensiaal: 201, 235

Prestasiedruk: 175

Prestasies: 111

## **R**

Rebellie: 82, 128, 139, 141

Reëls: 62, 68, 79, 99, 136, 138, 153, 179, 181, 189,  
200, 215, 222, 224

Respek: 43, 49, 52, 54, 59, 62, 65, 68, 102, 140, 168,  
172, 173, 177, 201, 216, 230

Risiko: 164

Roetine: 74, 188

Ruimte: 73, 138, 153, 166, 182, 184, 245

## **S**

Samewerking: 141, 243, 244

Seks: 206

Selfbeeld: 58, 81, 104, 120, 128

Selfbeheersing: 89, 155, 156, 189

Selfsug: 82, 93, 140

Skoolgereedheid: 115

Skuldgevoelens: 119, 138

Slaap: 37, 74, 103, 110, 118, 126, 148, 169

Soentjies: 102

Sosiale interaksie: 173

Sosiale vaardighede: 135, 147

Speel: 30, 37, 48, 57, 73, 75, 77, 79, 98, 110, 135,

150, 153, 159, 192, 194, 197, 200, 202, 203, 206,  
209, 213, 237

Stimulasie: 200

Stories: 176, 198

Straf: 35, 57, 60, 65, 68, 77, 78, 83, 108, 136, 138,  
146, 166, 168, 173, 175, 177, 179, 183, 194, 212,  
215, 219, 222, 225, 234

Stres: 37, 60, 147, 169

## T

Tantrum: 61, 113, 132

Teleurgesteld: 159, 164, 195

Televisie: 153, 193, 215

Temperament: 35, 67, 83, 168, 203, 204, 205, 209,  
210, 232, 235, 236

Teregwyding: 147

Tiener: 49, 54, 61, 82, 83, 90, 93, 102, 119, 130, 131,  
134, 148, 162, 168, 182, 206, 228

Tydsbesteding: 153

## V

Veeleisendheid: 114

Veiligheid: 133, 152

Verantwoordelikhede: 30, 31, 32, 80, 89, 91, 92, 93,  
134, 153, 168, 171, 180, 200, 212, 218, 223, 240

Verduidelikings: 106, 165, 213

Verhoudings: 36, 38, 39, 41, 61, 123, 130, 132, 145,  
171, 222

Verskoning: 54, 88, 103, 126, 234



Vertroue: 49, 96, 168  
Vitamiene: 129, 200, 214  
Volwassewording: 92, 107, 145  
Voorreg: 87, 108, 135, 153, 210  
Vreugde: 141, 185, 190, 231, 234, 242  
Vriende: 112, 130  
Vryheid: 49, 168

## **W**

Waardering: 116  
Waarskuwings: 108, 162, 219  
Woede: 48, 133, 137, 151, 155, 193  
Woedeuitbarstings: 151

**1** Ouerskap kan jou hart  
by tye uit jou bors ruk,  
maar dit kan 'n mens se hart  
ook na dieptes en hoogtes  
neem wat net in hierdie  
avontuur te vind is.  
Kinders leer ons die  
grensloosheid van liefde.



**2**  
**G**ereedheid vir ouerskap is baie meer as om 'n  
stootwaentjie en karstoeltjie te hê of 'n spaarplan  
oop te maak vir jou ongebore kind se studies. Dit  
breek nie aan wanneer die babakamer se nuwe  
gordyne hang nie. Dit begin baie dieper in ons.

Gereedheid vir ouerskap begin by basiese  
volwassenheid – die besef dat jy nie langer vir  
jouself leef nie, maar vir 'n erfenis. Om te belê in  
iets (iemand!) wat langer as jy gaan leef.

# 3

Wanneer ons fouteer, is ons nie 'n goeie voorbeeld nie, maar dit diskwalifiseer ons nie vir ouerskap nie.

Ons moet egter 'n baie belangrike ding verstaan: 'n Lewe van oorgawe aan Jesus is 'n beter voorbeeld as 'n lewe van valse foutloosheid.

Net so is 'n verroeste bordjie wat in die regte rigting wys, beter as 'n blinkgevryfde padwyser wat 'n skewe koers aandui. Wanneer ons fouteer, kan ons met die Here se genade weer probeer.

# 4

**O**ns moenie 'n enorme bloekomboom met 'n lepel probeer uitspit nie, maar ook nie 'n klein brandnetel met 'n skopgraaf uitgrawe nie. Ernstige ouerskapflaters, soos fisieke of emosionele mishandeling of verwaarlosing, moet met 'n “skopgraaf” hanteer word. Dit beteken professionele hulp is nodig. As ons egter op 'n dag ons kind by die skool vergeet het, kan ons die probleempie met 'n “lepel” uit die weg ruim. 'n Fout is nie gelyk aan swak ouerskap nie.



**5** Die Here gee nie net aan kinders ouers vir die kinders se beswil nie, maar ook kinders aan ouers vir die ouers se beswil! Ons kinders buig ons dalk net soveel soos ons hulle buig – net op ander maniere.

**6** Onthou altyd dat 'n kind se groot blaps nie noodwendig aan mislukte ouerskap te wyte is nie.

Ons sou alles reg kon doen en steeds moet toekyk hoe ons kinders die verkeerde pad kies.


Dit is ongelukkig die realiteit van 'n vrye wilskeuse.



## 7

**O**ns rol as ouers gaan deur die jare baie verander, maar ons klim nooit van die verhoog af nie. Ons geniet aanvanklik die kollig en speel die hoofrol in ons kind se lewe. Later speel ons al minder indrukwekkende rolletjies, en kan ons uiteindelik selfs met die dekor begin saamsmelt. Ons is egter vir ewig deel van die lewensdraaiboek van ons kinders. Dit is die één verantwoordelikheid in hierdie lewe wat jy nooit as afgehandel sal kan beskou nie.

# 8



Jy kan nie 'n ouer wees terwyl jy eintlik jou eie pad loop nie. Moenie op ander dinge fokus ten koste van jou kinders nie.

Wys dat jy verantwoordelikheid vir hulle aanvaar. Dit word sigbaar in alledaagse sleurwerkies soos die wegpak van klere, die afvee van vuil handjies, toesig oor huiswerk, die aanry na aktiwiteite, die kontrole oor sosiale uitstappies. Gekniel langs ons kinders, gekreukel van hulle skootsittery en taai van hulle sjokoladehandjies kry ons 'n besondere kykie op die wêreld.

# 9

**A**s 'n pa onvoorwaardelike liefde aan sy kinders wil bewys, sal hy sy Sondagkoerant moet neersit om met sy seuntjie te stoei. Hy sal uit 'n vergadering moet loop om betyds by 'n balletkonsert te wees.

Een van die moeilikste keuses wat 'n pa kan maak, is om tevrede te wees met minder as 'n maksimum inkomste sodat hy meer vir sy kinders daar kan wees. Ons kinders kan sonder Nike-tekkies klaarkom, maar nie sonder hulle pa nie.



# 10

Wanneer kinders nie voel dat hulle ouers werklik vir hulle verantwoordelikheid aanvaar het nie, kan hulle ook nie hulle ouers se liefde ervaar nie. Moenie jou kinders op ander afskuif en hulle só oorbodig laat voel nie.

# 11

Ons kinders verander ons lewe permanent. Ons kan nie aangaan soos voor hulle geboorte asof niks met ons gebeur het nie. Dit sou tragies wees, want hulle is 'n baie spesiale geskenk om ons lewe te verryk; nie 'n lastige ekstra om ons lewe te ontwig nie.



# 12

**D**ie ideale uitkoms van ouerskap is baie meer as om 'n kind te leer om ons as ouers gedweë te volg. Die doel is eerder om 'n kind wat haar Godgegewe paadjie volg, op haar eie koers na haar eie bestemming te begelei.

As ons ons kinders saamsleep na waar ons is, sleep ons hulle dalk van die wal af in die sloot. Hulle paadjie moet anders lyk as ons s'n, want God kloon nie mense nie.



# 13



Geen tegniek, strategie of profiel kan 'n mens help om 'n kind te dissiplineer as jou hart nie by jou kind is nie.

Kinders moet 100% oortuig wees van hulle ouers se onvoorwaardelike toewyding en liefde, anders word hulle gedrag so problematies dat geen dissipline – hoe gepas of slim ook al – die gewenste uitwerking sal hê nie.

# 14

**G**ee eerste vir jou kinders wat hulle nodig het om te floreer voordat jy verwag dat hulle vir jou teruggee wat jy van hulle vra. Voordat jy harder straf, groter belonings aanbied of na nuwe tegnieke gryp, moet jy eerder weer gaan lees wat jou “boompie” nodig het om te floreer.

Elke temperament is anders; daarom sal jy ook jou kinders verskillend moet hanteer. 'n Kind wat alles ontvang wat hom menswaardig en geliefd laat voel, is nie somer weerbarstig nie.



# 15

Liefde is 'n gelukkige gesin se melodie, en dissipline is die harmonie. Saam maak dit mooi musiek. As dissipline nie uit 'n basis van liefdevolle toewyding spruit nie, sal die musiek vals wees.

# 16

Onthou dat jou verhouding met die Here die basis vorm van al jou verhoudings, veral van jou verhouding met jou kinders. Die Vader-kind-verhouding tussen jou en die Here vorm die uitgangspunt of verwysingsraamwerk van jou ouerskap. Dit moet gesond wees.



# 17

**M**oet dit nooit uit die oog verloor dat jou kinders 'n wil van hulle eie het nie. Jy lei jou kinders; jy sleep hulle nie. Kort-kort gaan hulle aan die leiriem pluk; soms gaan hulle selfs losruk. Hulle mag en gaan hulle eie wil inspan en volg.

Hoe ouer hulle word, hoe meer word die keuses wat jy aan hulle moet oorlaat. Moet hier nooit die onsigbare leiriem van gebed vergeet nie. Gebed maak paaie gelyk.

# 18



Maak seker jou kind is  
gesond.

Kinders wat goed eet, genoeg  
slaap, fisiek aktief is, tyd het om  
“kind te wees” en te speel, en hulp  
ontvang in dié areas waarin hulle  
uitdagings ervaar, vaar ook beter  
met dissipline.

Allergieë, stres, te veel verfynde  
kos en baie “skermtyd” voor die  
TV, PlayStation of rekenaar maak  
kinders nukkerig en baie moeiliker  
om te hanteer. Gelukkig is dit  
nooit te laat om in hierdie opsig  
veranderinge te maak nie.

# 19

**M**oenie jou en jou kinders se vordering te veel aan die klein goedjies soos tafelmaniere, die netheid van kamers of skoolrapporte meet nie. Vra eerder die belangrike vrae: Help ek my kinders om 'n groeiende verhouding met die Here te hê? Is daar gemaklike kommunikasie tussen my en my kinders, selfs wanneer ons van mekaar verskil? Het my kinders vaardighede en beginsels vir sinvolle verhoudings met ander? Is ek besig om my kinders te help om 'n unieke karakter te ontwikkel?



# 20

Gryp vroeg die geleentheid aan om jou kinders na die Here te lei. Wanneer die Heilige Gees jou kind van binne vorm terwyl jy dit van buite probeer rig, word oerskap 'n avontuur. Jou invloed is nie genoeg nie. Jy het die Here se bonatuurlike invloed in jou kind se siel ook nodig.

# 21

Ouerskap is nie 'n warm gevoel wanneer jy jou kind op jou skoot tel nie.

Ouerskap is duisende klein opofferinkies van tyd, aandag en liefde wat ons met oorgawe maak omdat ons verstaan dat ons kinders aan ons geleen is.



# 22

**G**esonde gesag lê die fondasie vir ons kinders se funksionering in alle ander verhoudings. Dit is een van die grootste voorwaardes vir hulle aanvaarding van ons waardesisteem en selfs ons geloof.

Daarteenoor vertroebel manipulasie die water só dat ons en ons kinders nooit sal weet waar ons met mekaar staan nie. Ons moet daarom die monster van manipulasie in die oë kyk en strategieë bedink om sy invloed in ons huise stop te sit. Daar is geen ander manier nie.

# 23



Ons moet dikwels 'n deur in ons kop oopklap en al die ou idees uitjaag, van voor af begin en ons kop versigtig vul met nuwe, meer akkurate idees.

'n Ma se status val deur die vloerplanke wanneer haar kinders ontdek Theodorus Tandmuis is nie die een wat soms drie nagte ná mekaar hulle melktandjies in die pantoffel miskyk nie. So kan ons gesag soos 'n fantasie uit ons kindertyd in 'n oomblik aan skerwe breek as dit op mites gebaseer is.

# 24

**D**is geen wonder dat ons wêreld vandag so negatief teenoor gesag staan nie. Ons het gedink ouerlike gesag kan ons anker wees, maar die “skepe” van gesinslewe en ouer-kind-verhoudings loop oral op die rotse. Gesag werk nie, sê ons. Maar daar is niks fout met die anker nie – die probleem is dat die ketting nie aan die anker vas is nie! Wanneer ’n anker van sy ketting loskom, is dit niks meer werd nie. Dit sink tot op die bodem en die skip dryf in die storm weg.



# 25

Begrawe jou idealistiese prentjies van perfekte kinders (of ouers). Geniet jou kinders se unieke geaardhede. Vier hulle andersheid. Ontdek hulle unieke gawes en belangstellings. Kweek kinders met karakter!



# 26

Ek het al getoets of my kinders dalk soveel lekkergoed eet omdat ek so baie “nee” sê deur te kyk of hulle minder eet as ek meer “ja” sê. Snaaks genoeg, stem ek ná die eksperiment, en die verlies van ’n hele pak malvalekkers, glad nie met Thoreau en Gesell se teorie saam nie ...



# 27

**T**wee ma's het eendag in 'n teetuin gesit terwyl hulle kinders die plek op horings neem. Die een ma het haar kroos nader gewink en net haar groot handsak vir elkeen gewys.

Hulle was dadelik sigbaar rustiger. Sy het ewe trots verduidelik: “Ek dra ’n plakkie in my handsak ... As jy nie sterk is nie, moet jy gevaarlik lyk!”

# 28



Die Bybel gee nêrens beloftes dat ons ons kinders gehoorsaam kan “maak” nie, maar die Here self kan harte na mekaar toe “buig”.

Tog lees ons in Jeremia 32:40 dat die Here alleen respek en die begeerte in ’n hart kan plaas om Hom of iemand anders te eer. In Daniël 1:9 lees ons: “Deur God se goedheid het Aspenas baie respek vir Daniël gehad” (*Die Boodskap*).

Mag ons eendag kan verklaar: “Deur God se goedheid het my kinders baie respek vir my gehad.”

# 29

**S**ommige ouers glo die toets vir gesag lê in hulle kinders se gehoorsaamheid. Dit is egter nie waar nie. Die draer van vals gesag het die vermoë om gehoorsaamheid af te dwing ondanks sy gebrekkige karakter en ondanks sy volgelinge se minagting vir hom as mens. Hulle reageer bloot op sy “rang”. ’n Harde stem, ’n lat en ’n kwaai kyk is al wat jy hiervoor nodig het. Vir ouers wat egter selfgedissiplineerde volwassenes wil grootmaak, is daar nie so ’n kortpad nie.



# 30

Hoe kan  
'n ouerskapbenadering wat  
'n kind nooit dwing om iets  
te doen wat hy nie wil doen nie,  
'n kind voorberei op die  
volwasse lewe waarin ons  
elke dag baie dinge moet  
doen wat ons nie wil nie?

# 31

Die hedendaagse “vreedsame” benadering gaan dalk meer kinders laat maak soos my seuntjie tydens een van sy eerste swemlesse. Sy baie vreedsame sweminstrukteur het gesê: “Pero, duik ’n bietjie vir my daardie stokkie uit.” Pero het ewe vreedsaam geantwoord: “Nee, dankie.”



# 32

**E**k het aan my kinders verduidelik dat ons onder die Here se beskerming uitbeweeg wanneer ons aan Hom ongehoorsaam is. “As ons nie luister nie, kan die Here ons nie help nie.”

Kort daarna het my seuntjie (toe 4 jaar oud) agteroor uit die koskas geval terwyl hy eetgoed daaruit gegaps het. Ek het hom kreunend op die naat van sy rug hoor prewel: “Toemaar, Jesus, dis oukei. Ek weet Jy kon my nie help nie.”

# 33



Een van die moeilikste dinge vir kinders is om te maak soos ons sê, selfs wanneer óns nie maak soos ons sê nie.

Ons verwag van hulle netjiese kamers, maar laat ons eie in 'n warboel vir die huishulp om aan die kant te maak.

Ons raas met hulle oor hulle gevegte met hulle boeties en sussies, maar besef nie dat Pa en Ma se rusies die voorbeeld stel nie. Ons verwar hulle wanneer ons dubbele standaarde het.

# 34

**O**op harte na albei kante is 'n sleutel vir gesonde gesag. Dit beteken dat jou hart vir jou kind moet ja sê selfs wanneer jou mond nee sê. Harte word toegesluit wanneer ouers nie hulle gevoelens, begeertes, drome en gedagtes met hulle kinders deel nie. Wanneer ouers hulle eie foute toesmeer, maar die kinders s'n uitwys. Wanneer ouers nooit grappies maak nie. Wanneer ouers kinders stilmaak as hulle hul gedagtes probeer deel. Wanneer hulle oorreeger op kinders se klagtes, versoeke of vrae.



# 35

Ons het hierdie vreemde idee dat dit natuurlik en normaal is dat gesag deur die eeue heen soos die pole se yslaag mag wegsmelt. Dié wat daarvoor ontsteld raak, word uitgelag. Tog is dit 'n baie ernstige saak. Dit is, soos die smeltende ys, 'n teken van groot moeilikheid!

# 36

Gesag is 'n ketting.  
Waar is 'n ketting se boonste punt?  
Dit is onmoontlik om te bepaal as  
die eerste skakel nêrens vas is nie.  
Nou ja, gesag word ewe verwarrend  
wanneer dit los van God as ons  
Anker funksioneer. Gesag is  
'n ketting wat by God begin.



# 37

**B**ill Cosby vertel in sy boek *Fatherhood* hoe hy en sy broer met 'n bal gespeel het in die huis. Hy het glo die glastafel “herontwerp”. Sy ma storm toe woedend in met 'n stok in die hand en skree: “Ek sweer ek slaan jou middeldeur met hierdie stok!” Sonder om op te kyk van sy boek, het sy pa woorde gesê wat hy sy lewe lank sal onthou: “Hoekom sou jy twee van hom wou hê?”

# 38



Tieners se vertrouwe word geskend wanneer ouers nie hulle privaatheid respekteer nie.

Ouers wat dagboeke, SMS'e, e-pos en briewe lees of in hulle kinders se kaste krap, sal natuurlik ook geen gesag oorhê nie. Ouers loer en luister af, installeer volgtostelle en kameras, ry skelm agterna om te kyk waar hulle kinders is, in plaas van om die kinders betroubaarheid te leer en net soveel vryheid te gee as wat hulle wel kan hanteer. Dit stuur gemengde boodskappe.



# 39

**O**uers wat altyd hulle kinders se onmiddellike geluk as maatstaf gebruik, gaan gesag verloor, want geen kind geniet dissipline nie.

Ons is so gekondisioneer om die vrede te bewaar, nie te streng te wees nie en ons kinders se behoeftes eerste te stel dat ons maklik in hierdie strik trap. Kinders kan hierdie vrees “ruik”. Hulle sien hoe versigtig ons is en dit maak dit moeilik om ons te vertrou.



**40** Overlike gesag is gesetel in jou integriteit, die voorbeeld van jou passie vir die Here, jou toewyding aan jou huweliksmaat en 'n gedissiplineerde gebedslewe.

# 41

Onderwerping aan God se direkte en gedelegeerde gesag is 'n keuse, en dit hou vir ons beloftes in. Onderwerping aan ons gesag as ouers is ons kinders se plig, nie ons s'n nie. Daar is ook beloftes dat God hulle daarvoor sal beloon.



# 42

**D**ie gesag van 'n ouer se stem kan maklik deur hordes ander stemme stilgemaak word. Die portuurgroep, die media en ander volwassenes het soms soveel tyd om in ons kinders se ore te fluister of te skree dat hulle ons later nie meer kan hoor nie.

Hierdie stemme is dikwels interessanter en toegiefliker as ons s'n. Moenie jou ouerlike gesag verloor deur te veel kompeterende stemme op 'n jong leeftyd in jou kinders se lewe toe te laat nie.

# 43



Ek glo gesag is soos  
'n papierdun mondering.

As ons verkeerd te werk gaan en ons kind seermaak, skeur ons die mondering. Die gat in die mondering beteken dat ons kind ons nie meer kan respekteer nie. Ons kan moeilik ons eie mondering herstel. Ons kind moet van sy kant af die gat toeplak. Dit gebeur wanneer ons om vergifnis vra en die kind ons vergewe. Sonder hierdie herstel van die verhouding is die herstel van gesag onwaarskynlik.

# 44

**S**ielkundiges mag maar vra wie ons die reg gee om ons kinders te vorm, want ons het die antwoord in Romeine 13:1: Alle gesag kom van die Here af. Efesiërs 6:1-2 bevestig dat die Here ouers gekies het as die gesagsfigure in hulle kinders se lewe – ons is Plan A.

Dit was nooit die idee dat enige instansie ons plek sou inneem nie. Ons is en bly ons kinders se primêre opvoeders en gidse deur die lewe.



# 45

Ek het gehoor van 'n vrou wie se man glad nie kan sê hy is jammer nie. Ná 'n gruwelike onreg het hy glo op 'n dag 'n bos lelieknoppe voor haar neergesit en geprewel: "Hulle sê sorry wanneer hulle oopgaan."

# 46

Die generasie voor ons het geglo 'n grootmens hoef nooit 'n kind om verskoning te vra nie. Dié leuen beroof baie ouers van hulle kinders se respek omdat hulle te trots is om te erken wanneer hulle onredelik, ongeskik, onregverdig of buite beheer was.




# 47

**I**n die Here se oë verdien ons as ouers respek. Dit is Hy wat agter ons staan wanneer kwaai tieners of skreeuende kleuters ons gesag uitdaag. Wat 'n geskenk!

Ons kan regop staan, die kind wat ons so tart, vas in die oë kyk en weet: Die Here het my gekies as hierdie kind se ma, of ek is die Here se Plan A-pa vir hierdie kind! Daar is in ons huise buiten God geen hoër gesag as ek en jy nie.

# 48



Wanneer ons ons kinders self versorg, koop ons aandele in hulle lewe.

Ons bekom grondgebied. As ons dit nie doen nie, koop iemand anders daardie aandele op en wen daarmee meer gesag in ons kinders se lewe as wat ons het.

Ons kinders vra dan met reg: “Wie is jy in elk geval in my lewe? Waar was jy toe ek jou nodig gehad het? Hoekom sal ek nou na jou luister?”

Onthou dat kinders moeilik die hand byt wat hulle voed!

# 49

**O**ns gewete ontwikkel met tyd en deurdat ons geleer word wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is. Herontdek die krag van die woorde “reg” en “verkeerd”, en hou op om met jou kind te redeneer oor dinge wat wit en swart is.

Dit is onnodig om in sewe sinne vir ’n kleuter te verduidelik waarom ’n mens nie jou pa mag spoeg of jou ma se hare mag trek nie. Dit is doodeenvoudig verkeerd. Punt.



**50** Vuil naels en sand in die ore is nie die vernaamste tekens van verwaarlosing nie. Kinders wie se gevoelens nie verstaan en aanvaar word nie, lyk dalk skoon, gesond en netjies, maar hulle voel soos weeskinders. Emosionele verwaarlosing verwond diep.

# 51

Wanneer ouers se liefde hulle kwaaiër dissipline vooruitgaan, en wanneer hulle net so hard kan speel en druk as wat hulle kan dissiplineer, beleef 'n kind gesag wat in sy ouers se onvoorwaardelike liefde gewortel is.



# 52

Ouers het ongelooflik baie mag om hulle kinders se lewe vir altyd te beïnvloed. Die digter W.B. Yeats het gesê leierskap is nie om vure dood te slaan nie, maar om vure in mense se hart aan te steek. Ouerskap behels ook meer inspirasie as dissipline. As ons ons kinders kan inspireer om reg te lewe, sal ons hulle minder vir verkeerde optrede hoef te straf. As hulle ons as rolmodelle beskou, gaan ons optrede en voorbeeld buitendien meer beteken as preke.



# 53



As ons ons kinders inspireer met opbouende woorde, aanmoediging, opregte belangstelling, betrokkenheid en lof, word ons invloed in hulle lewe al groter.

Ons geloof in hulle help hulle om in hulleself te glo. Die vernedering en kritiek wat die samelewing na hulle kant toe gooi, sal dan nie 'n duik in hulle selfbeeld kan maak nie. Verwaarloos ons egter hierdie rol in hulle lewe, verloor ons ons invloed en die vermoë om te inspireer.

# 54

**E**k het een aand op TV 'n berader hoor sê jou kinders behandel jou soos jy jousef behandel. Hulle volg ook daardie voorbeeld ten opsigte van hulleself. 'n Kind wat haarself lelik en vet noem, het dalk haar ma se sug gehoor elke oggend as sy in die spieël kyk.

Probeer 'n slag vir jousef “Wow!” sê en kyk dan hoe blink jou kinders se oë. Baie kinders wag vir hulle ouers om regop te loop sodat hulle hulle kan respekteer.



# 55

My ouers het nooit vir my gehoorsaaamheid onderhandel nie. Hulle het geweet dis hulle reg as ouers om gehoorsaaamheid te verwag en my plig as kind om dit te gee. Hulle het my egter ook nie vir hulle liefde laat werk nie – hulle het dit onvoorwaardelik gegee.

# 56


My kinders het bederf begin raak deurdat ek gereeld witvoetjie soek ná konflik. My seuntjie het selfs eendag – nadat ek hom heeltemal te lig gestraf het vir 'n ernstige ding – ewe vriendelik gesê: “Ek het nou klaar gehuil. Is Mamma gereed om te kom jammer sê?”



# 57

**M**y liewe man het al lekker vir my gelag as ek heeltemal gestres by hom kom met 'n nietige saak. Ek verloor totaal perspektief en dan moet hy my kalmeer. Gewoonlik soebat ek iets soos: “Sê net weer vir my dis oukei dat al ons beddegoed in tente omskep is – van die voorportaal tot in die kantoor!” Hy vind dit dan iewers in sy genadige siel om te antwoord: “Jy vra dan al maande lank dat ons moet gaan kamp.”

# 58



Ons moet altyd ten minste een ontwikkelingsfase voor wees.

As kinders babas is, kan ons beplan hoe ons met die tweejarige *tantrums* gaan maak. As hulle kleuters is, kan ons skoolsake begin bespreek. Lank voordat hulle tieners word, moet ons die tieneruitdagings, soos dwelms en verhoudings, bespreek.

Op dié manier is ons die kinders een voor en kan ons uit een mond praat, selfs wanneer ons onverhoeds betrap word.

# 59

**O**uers wat te veel grys areas toelaat, kan die indruk skep dat daar nêrens absolute reg en verkeerd bestaan nie. Dis verwarrend as reëls nie konsekwent toegepas word nie en as iets wat gister verkeerd was, vandag weens versagtende omstandighede reg is.

Wanneer ouers te veel inspraak van hulle kinders toelaat, raak die kinders ook verward oor hulle eie rol én die rol van hulle ouers. Wie het die laaste sê? Wie se perspektief weeg die swaarste? Wie is die baas?



# 60

**R**espek en eer is 'n interessante verskynsel. Hoe meer jy daarop fokus om dit van mense te ontvang, hoe minder wil hulle dit gee. Respekteer die Here en soek eerste sy eer. Dit plaas jou op die regte pad om ook die respek van mense te wen.

**61** Om die kuns van ouerskap te leer is soos om in die openbaar te leer opera sing.

Ons kry eier op ons gesig.

Die manier waarop ons dit hanteer, kan ons gesag uitbou of verwoes. Sê daarom jammer as jy gefouteer het.



## 62

**M**ichael en Terri Quinn, ouerskapkenners uit Engeland, het navorsing gedoen oor ouers se kommunikasie met hulle kinders. Hulle het bevind dat ouers gemiddeld 55 keer per dag kritiek, dreigemente, afkeuring, onredelike eise, beskuldigings, persoonlike aanvalle en ander negatiewe boodskappe teenoor kinders uitspreek.

As óns so praat, is dit mos geen wonder dat ons kinders ook negatief, krities, veeleisend en onredelik raak nie, of hoe?

# 63



As 'n mens net 'n halfuur  
het om vis te vang, dan  
moet jy jou toerusting,  
die viswater en die visse  
uitstekend ken.

Jy moet die perfekte tyd van die  
dag kies en al die omstandighede  
moet ideaal wees. “Kwaliteittyd”  
werk ook so. As jy tien minute  
se kwaliteittyd saam met jou  
kind wil deurbring, moet jy 'n  
ervaringsbank van honderde  
ure saam met jou kind hê.  
“Kwantiteittyd” lê die basis vir  
“kwaliteittyd”. Daar is geen  
kortpad nie!

# 64

**J**y hoef nooit kinders bo die ouderdom van een jaar te jaag nie. As jy kinders wat vir jou weghardloop of weier om na jou toe te kom, nie van jongs af daarvoor vasvat nie, is dit jou eie skuld as hulle respek vir jou verloor.

Hulle kan nie vir altyd wegbly nie, en wanneer hulle daardie eerste keer ná 'n weghol terugkom, moet hulle swaar gestraf word en duidelik vertel word dat jy nie soos 'n varkvanger gaan rondhol of klimrame en bome gaan uitklim agter hulle aan nie.



# 65

Straf wat met erns en redelikheid in die ouerhuis uitgemeet word, verminder die "straf" wat jou kind in die toekoms van die samelewing gaan ontvang. Straf is dus 'n guns wat jy jou kind bewys!



# 66


In Jesus het ouers die gesag om boosheid uit ons huise te dryf, bouse invloede uit ons kinders se lewe te beveel, ons hande op ons kinders te lê en hulle te seën met 'n seëning wat sekerlik waar sal word.



# 67

**E**lkeen van ons kinders se natuurlike swakhede verklik die waarskynlikste afdraaipadje waarlangs hulle die pad kan byster raak. As ons met hierdie perspektief in ons kop ons kinders doelgerig dissiplineer, is hulle standvastiger en weerbaarder as kinders wat volgens 'n standaard oefenprogrammetjie grootgemaak is. Dit is dus nie sedeprekies wat ons kinders van versoekings gaan weerhou nie, maar eerder weerbaarheid in dié areas waar hulle veral kwesbaar is.

# 68



Indien 'n mens tempera-  
ment sou ignoreer en alle  
kinders eenders hanteer,  
sal hulle almal soortgelyke  
aangeleerde gedrag vertoon.

Maar dit wat spontaan in die  
kinders se geaardhede is, sal  
noggans verskil. Almal is dalk ewe  
netjies, maar die een doen dit  
deur boeties en sussies om te koop  
om te help opruim; 'n ander een  
vind oorspronklike maniere om  
vuil klere weg te steek; die derde  
een bêre alles perfek en die vierde  
een hou alles uit die staanspoor  
netjies.

**O**ns kan nie deur uiterlik aan ons boompie te buig die aard en binnekant verander nie. Ons gaan nie 'n Simson kry wanneer ons ons seun se hare laat groei nie. Sprinkaan-en-heuningtoebroodjies gaan ook nie 'n tweede Johannes die Doper oplewer nie. Net so min kan ons ons kind se lewenskoers verander. Ons kan dit wel vir ons kinders baie moeiliker of makliker maak om hulle lewenskoers te vind. Ons kan nie hulle inherente karakter verander nie, maar ons kan die ontwikkeling van hulle sigbare karakter belemmer.



**70** Wanneer die pa die kinders straf vir oortredings wat die ma daaglik oorsien, lyk albei ouers belaglik. Pa is 'n monster en Ma is onskadelik. Kinders respekteer eenvoudig nie ouers wie se reëls en verwagtings onsamehangend voorkom nie.

# 71

Ouers wat saam besluit wat hulle deur middel van dissipline wil bereik en saam die planne formuleer om dit te bereik, slaag makliker as dié wat 'n kind se opvoeding aan toeval oorlaat.



# 72

**O**uerskap is harde werk. Ons gaan baie oefentye saam met ons kind moet deurwerk. Agter elke atleet wat hard oefen, is daar die afrigter wat die oefeninge skeduleer, beplan en deursien. Die tekkies, sweetpak, fluitjie en pet is nie vir die skyn nie – afrigting is baie harde werk! Net so moet daar agter elke kind 'n toegewyde ouer wees wat bereid is om te sweet. Ons moet net die geleenthede vir oefening só kies dat dit ons kind uitdaag, maar nie moedeloos maak nie.

# 73



Palmbome is verrassend,  
vreemd, wonderlik.

Hulle bring kleur in die lewe  
en hulle humor kan by tye ons  
asem wegslaan. Op 'n dag het my  
palmboomseuntjie my onkant  
gevang nadat ek hom 'n lekker  
stywe drukkie gegee het. Hy het  
omgedraai en met uitgestrekte  
armpies gesê: “En nou die ander  
kant.”

Ek moes sowaar sy ruggie ook  
'n drukkie gee! Dit is 'n kern-  
eienskap van baie palmbome –  
hulle sien altyd nog 'n “ander  
kant”.

# 74

**O**uers vra dikwels hoe om hulle kinders te laat ophou met sekere gedrag sonder om die hele tyd nee te sê. Vir hulle vra ek of die lewe dan nie buitendien gereeld vir hulle kinders gaan nee sê nie. Is dit nie ons plig om hulle solank te leer dat dit deel van grootword is nie? Bewys ons ons kinders werklik 'n guns deur altyd net mooi te praat, te smee en hulle hul sin te gee? Ek dink die antwoord is voor die hand liggend.



# 75

Ons gesag oor ons kinders word die bloudruk vir gesag vir die res van hulle lewe. Hulle gaan ander gesagsfigure byna deur die bank teen die agtergrond van hulle ervaring van ons gesag sien.

# 76

'n Ma het my eendag vertel dat haar kind altyd vir R5 al sy kos opgeëet het. Op 'n dag toe hulle saam met ander mense gaan uiteet het, wou hy sy prys opstoot na R20. Dit is die probleem met omkopery – inflasie!



# 77

**H**et jy al agtergekom dat koekies nie rys terwyl jy vir hulle kyk nie? Net so ontwikkel kinders nie na wense as hulle permanent onder 'n wakende oog is nie. Hulle begeer soms 'n kans om iets alleen uit te toets en self te bemeester. Dit is ook onnatuurlik om soos die middelpunt van die heelal behandel te word, want niemand is so wonderlik of belangrik om dit te verdien nie. Dit maak hulle aandagvrate.

# 78



Ons kinders het ruimte nodig om vrylik te speel en kreatiwiteit te ontwikkel.

Op dié manier bly hulle nie afhanklik van 'n afrigter, gehoor, kommentaar en applous nie.

Hulle ontwikkel tot wie hulle wil wees eerder as tot die uitbeelding van iemand anders se ideaal.

Dit is 'n wonderlike punt om in 'n mens se lewe te bereik. Baie mense bereik dit eers wanneer hulle uiteindelik uit hulle ouers se gesigsveld is.



# 79

**B**abas wat dag en nag getroetel en gevoer word sonder enige ritme, sukkel om goeie slaap- en spysverteringspatrone te ontwikkel. Dié twee dinge – geroetineerde slaap en eet – vorm die basis vir die vermoë om te leer. Babas leer omdat hulle wêreld voorspelbaar en gestruktureer is. Hulle leer wanneer daar herhalende patrone in gebeurtenisse, geluide en die omgewing is. Jy kan dus nie bloot op die golf van jou kind se ritme saamry nie. Jý moet die ritme daarstel.



# 80

As jy jou kind te gou te hulp snel wanneer hy sukkel, kry jy die skoenlappereffek. As jy 'n papie te vroeg oopsny, is die lyfie te vet vir die onontwikkelde vlerke en kan die skoenlapper nooit self leer vlieg nie.

**81** Probeer jou humorsin behou.

Eendag gaan jy besef dit was snaaks toe jou kind in 'n groot geselskap gesê het: "Ek kan al drie lettergrepe *burp*, net soos Shrek."



**82**

**J**ou baba kry die meeste van haar inligting oor haarself deur die kanale van aanraking, jou stemtoon, bewegings en gesigsuitdrukings.

Glimlag. Moenie te ernstig wees oor alles nie, vat saggies en liefdevol aan haar, praat rustig, sing en speel, vertel haar van die drome wat jy vir haar het en seën haar.

Die onderrigaspekte van ouerskap moet nog eers tweede viool speel terwyl die versorgingskant die wysie speel.

# 83



Jou baba leer deur  
ontdekking en ervaring.

Dit beteken vuil word, rondkruip  
en heelparty onvoorsiene  
ongelukkies. Dis nie ernstige  
sake nie. Jy kan maar net die  
voorwerpe of jou baba verwyder.

Daardie nee-woord waarvoor  
jy so lief is, is net nodig om die  
gevaarlike en verbode goed  
duidelik aan te dui.

Lei eerder jou baba se aandag af of  
vertrek na 'n ander omgewing.

# 84

**J**y word moeg om nee te sê en kan ook nie altyd by wees wanneer 'n baba op nuwe ontdekkingsreise gaan nie. Jy wil ook nie heeltyd handjies piets nie. Ek het met my tweede baba ronde rooi kolle op al die verbode en gevaarlike goed in ons huis geplak. Wanneer hy iets met 'n rooi kol sien, het hy albei handjies agter sy rug gesit en “eina-eina” gesê. My man het ook verstaan as daar 'n rooi kol op die blik kondensmelk vir Sondag se poeding was!



# 85

**Straf** speel 'n onmisbare rol in die vorming van 'n gewete, want dit antwoord die onervare kind se vraag: “Is dit reg of is dit verkeerd, en as dit dan verkeerd is, hoe ernstig is dit?”

**86** Ons kan kort huil oor ons kinders, of ons kan lank huil oor ons kinders. Dit hang dikwels af van hoe gewillig ons is om vroeg in hulle kleuterjare reeds behoorlik in te gryp.



**87**  
**J**ou kleuters moet dinge self leer doen en hulle vaardighede op allerhande terreine toets. Dit beteken dat hulle soms dinge verkeerd gaan doen. Laat hulle deur eksperimentering self agterkom wat werk en wat nie. Nie alle foute is rede vir straf nie. Onthou dat selfs straf dit ten doel het om kinders iets te leer. As hulle uit hulle foute leer, is dit mos genoeg en is straf in dié geval heeltemal oorbodig.

# 88



Hou reëls eenvoudig en konkreet.

Kinders het hierdie vaste platform nodig. Hulle raak egter verbouereerd met honderde moenies en mag-nies. Vertel hulle eerder die goeie nuus: “Jy mag! Jy mag in die modder gaan speel.

Onthou net om ou klere aan te trek en by die agterdeur in te kom. Jy mag met vingerverf speel. Onthou net om op te ruim en eers jou hande te was voordat jy aan iets anders vat.” Antisipeer die ontploffings en wilsbotsings en spel vooraf vir hulle uit wat jy verwag.

# 89

**M**aats, onderwysers en selfs ander ouers lewer inspraak wat nie altyd met joune strook nie. Onthou dan, jou rol is nie om jou kinders slaafse navolgers van jouself te maak nie. Jy het wel die verantwoordelikheid om die rigting met mening aan te gee.

Jy kan dus nie jou verantwoordelikheid tot morele onderrig verwaarloos nie. Hulle moet beginsels begin volg, nie net bevele nie. Jy berei hulle voor op die lewe, en jy gaan nie lewenslank reg langs hulle kan staan nie.



**90** Ons kan kinders se natuurlike aard probeer buig deur 'n lawwe nar in 'n ernstige student te verander, of 'n skaam muurblom in 'n hoofmeisie. Die kinders onthou egter onbewustelik wie hulle werklik is, en daardie basiese geaardheid steek weer kop uit.

**91** Die Here vorm die binnekant, en ons taak is om dan die buitekant daarby te laat pas deur te dissipleneer volgens dit wat reeds in ons kind se diepste wese geplaas is.



**92**

**J**ou kinders kan opbouende woorde en ondersteuning baie nodig kry ten einde staande te bly teen redelike fel aanslae op hulle selfbeeld. Hulle kry goeie of swak punte, hulle word vir spanne gekies of uit spanne weggelaat. Onthou egter dat selfbeeld veral gebou is op belewenisse soos “ek is iemand, het talente, kan dinge self doen, vir ander iets beteken en deel wees van iets groter as ekself”. Moenie so koesterend wees dat jou kinders die geleentheid misloop om dié dinge omtrent hulleself te ontdek nie.



# 93



In die tienerjare is dit tyd om te leer hoe om jou geestelike saag te gebruik as jy nog nie weet hoe nie.

Bid soos nog nooit tevore nie. Sny af wat nie in jou kinders se lewe hoort nie. Val die onkruid aan wat teen jou kinders oprank.

Roei die sonde uit wat jou kinders so verstrik, veral as dit van jou af kom. Bely jou rebellie, wellus, selfsug, hardkoppigheid en materialisme.

Tree namens jou kinders vir hulle sondes in.

# 94

**T**ieners se algemeenste klagte oor “gawe” ouers is dat hulle saam met hulle “gaafheid” so onbelangstellend en onbetrokke kan wees. Dit klink of tieners jou uit hulle hare wil hê, maar dis nie altyd waar nie. Hulle wil hê jy moet wonder waar hulle was, al wil hulle jou dalk nie sê nie. Hulle wil die bekommernis in jou oë sien wanneer hulle vroegoggend eers tuis kom, maar hulle gaan jou nie vir die straf bedank nie.



# 95

Die ideale temperament vir elke mens is die temperament wat sy skeppingsdoel die beste pas. Dit hoef ons deur die genade nie te ontwerp nie – ons het dit as ’n geskenk ontvang. Ons moet net toesien dat dit uiting vind in opregte karakter.

# 96

As ons  
ons kinders nie ken nie en  
nie bereid is om 'n studie  
van hulle te maak nie,  
kan ons in 'n doodloopstraat  
beland. Kinders kan aanvoel  
wanneer ons nie regtig  
wil luister, kyk of verstaan nie.



# 97

**W**anneer jou kinders die huis verlaat,  
kan jy jou saag en snoeiskêr sonder  
gebruikershandleidings weggee. Moet dit nie  
persoonlik opneem as jou kinders dit as antieke  
ornamente laat raam en ophang nie. Hulle sal wel  
gereedskap vind wat by hulle tyd pas, en dit sal  
kan saag en snoei al dra dit ander name. Daar mag  
selfs 'n dag kom dat hulle dit uit die raam haal, jou  
bel en vra: “Hoe gebruik 'n mens hierdie ou ding  
nou weer?”

# 98



Baie ouers kom eers agter hoeveel gate daar in hulle kinders se lewensvaardighede is wanneer die kinders die huis verlaat.

Hierdie ouers wil dan van voor af begin saag en snoei. Daar kom egter 'n tyd om die lewe die snoeiwerk te laat doen. Wat kinders nie in 18 of 20 jaar by jou geleer het nie, gaan hulle tien teen een nooit by jou leer nie.

Hulle kan dit egter deur goeie en slegte ervarings buite jou huis leer.

# 99

**O**ns as ouers het nie die laaste sê in ons kinders se lewe nie. Die reg om hulle “uit te kap” berus slegs by die Here.

Ons mag ons gieters onttrek en ons mag takke afsaag en snoei waar ons dink dit nodig is.

Ons mag selfs die drastiese stap doen om ons handskoene aan te trek. Maar geen, nee, géén ouer mag ooit ’n vernietigende saag teen ’n kind se wortels inlê nie.




# 100

Enige riglyne oor ouerskap is presies dit – net riglyne. Dit help ons wanneer ons instink, wysheid, aanvoeling en insig te kort skiet. Dit moet nooit ons spontane ouerskap vervang nie.

# 101

Wanneer kinders net “sonskyn en water” kry, groei die onkruid saam met die boompie en is daar later groter probleme om te hanteer as tydens die vroeë kinderjare. Dan moet ouers met ’n saag inklim terwyl ’n snoeiskêr op sy tyd genoeg sou gewees het.



# 102

**D**ie Here modelleer die gieterstyl van ouerskap deurlopend in ons lewe. Hy noem ons sy oogappels, sy bruid, sy liggaam. Wie van ons beleef nie sy bemoediging en die waarde wat Hy ons gee nie? Hy stel so vir ons die voorbeeld dat ons ons gieters altyd nodig sal hê.

Ons mag die gieter slegs neersit wanneer daar soveel onkruid is dat ons nie weet wat gaan groei as ons ons kinders aanhou “natgooi” met nog genade, nog voorregte, nog toegewings nie. Dan moet ons die snoeiskêr optel.

# 103



Maak seker die verskonings wat jy gebruik oor waarom jy min tyd saam met jou kinders deurbring, kan die toets van 'n Bybelse waardesisteem deurstaan.

Vervang jouself op al daardie plekke waar jy kan en kom na jou kinders toe terug. Dit beteken dalk dat jou salaris minder gaan wees of dat jou loopbaan eers later kan ontwikkel. Ken jy egter mense wat op hulle sterfbed gesê het: “Ag, ek wens ek het meer tyd by die werk deurgebring en minder tyd saam met my kinders”?

# 104

**W**are gesag lê nie in absolute beheer nie, maar in die regte hoeveelheid beheer in die regte situasie. Ons moet onthou dat beheer dit ten doel het om kinders te beskerm totdat hulle die beheer op verantwoordelike maniere by ons kan oorneem.

Die einddoel is selfbeheersing. Aanvanklik moet ons 'n jong boompie binne-in die kweekhuis hou, styf vasgebind aan 'n steunstok. Ons gaan egter later die stok wegneem wanneer die stammetjie sterk genoeg is en die boompie uitplant.



# 105

Wanneer kinders opgebou en gekoester word, voel dit vir hulle asof alles binne hulle bereik is. Hulle pak die lewe met moed en hoë ideale aan.



# 106

Ma's moet hulle eerlik afvra of hulle nie met die een hand hulle man se swaarverdiende geld uitgee en met die ander hand die koekroller swaai wanneer hy nie genoeg by die versorging van die kinders betrokke is nie.



# 107

**O**ns kan nie vir altyd en in alle omstandighede die beste besluite namens ons kinders neem nie. Al is ons betrokke, belangstellend en ondersteunend, kan ons nooit in ons tieners se skoene staan nie.

Daar kom tye om dit te erken en terug te staan. Vertrou dat jy hulle genoeg geleer het om die regte besluit te kan neem. Elke daad waardeur ons ons kinders bemagtig, is 'n daad waarin ons 'n bietjie van ons eie beheer weggee.

# 108



Soms moet ons net  
'n rukkie lank terugtree  
en oplet hoeveel nuwe  
vaardighede ons kinders  
bygeleer het.

Ons vergeet maklik dat kinders  
'n deel van die grootwordproses  
sommer op hulle eie doen. Hulle  
leer dinge sonder dat 'n mens dit  
doelbewus vir hulle leer.

Voordat jy sommer aanvaar dat  
hulle nog nie gereed is vir meer  
verantwoordelikheid nie, kan  
jy gerus optimisties na hulle  
groei kyk.

**O**ns moet versigtig wees om nie ons kinders se drome te verwerp en hulle idees te verkleineer nie. Wanneer ons ons kinders probeer beheer deur hulle te weerhou van wat vir ons sinneloos lyk, amputeer ons hulle vlerke en plaas ons beperkings op hulle volwassewording. Wanneer ons hulle vlerke knip, neem ons die verantwoordelikheid van hulle af weg. Hoe kan hulle dan ooit verantwoordelik word?



# 110

Kinders

moet teen 'n rustige tempo van afhanklikheid na onafhanklikheid begelei word. Wanneer hulle te gou gespeen word, bly daar 'n begeerte om klein te wees in hulle agter.

Dit bring mee dat hulle dikwels teruggryp na onvolwasse optrede.

# 111

Die babajare  
is 'n beleggingsfase en  
die opbrengste op die belegging  
word so laat as die tienerjare  
en daarna eers gesien.  
Onselfsugtige, opofferende liefde  
tydens jou kind se babajare  
het lewenslank 'n eggo.



## 112

**A**anmoediging blaas wind in ons kinders se seile. Aanmoediging leer hulle om mense uit te soek wat hulle aandryf eerder as aftrek, om gedagtes te dink wat vensters laat oopgaan eerder as deure laat toeklap. Dit is nie dieselfde as leë komplimente nie, want aanmoediging berus op hoë maar realistiese verwagtings. Dit wys die kind op sy verantwoordelikheid en sê dat jy hom daarmee vertrou.

# 113



Namate ons kinders groter word, moet ons hulle al hoe meer laat gaan.

Dit vereis dat ons minder moet doen as wat ons kan, terwyl ons ouerlike instink ons dryf om alles te doen wat ons kan.

Ons kan net hierin slaag wanneer ons onself kort-kort daaraan herinner dat opvoeding baie meer oor ons kinders se toekoms as oor hulle hede gaan.

Ons maak hulle groot vir môre, nie vir vandag nie; vir die volwasse wêreld, nie vir die kleuterskool nie.

**W**anneer ons ons kinders oorbeskerm, laat ons hulle nie toe om in die werklikheid van die lewe te funksioneer nie. Ons voorsien vir hulle 'n buffer soos 'n mens 'n buffer vir 'n boompie verskaf wanneer jy hom permanent in die kweekhuis en in 'n pot hou. Behalwe die geweldige las wat dit op jou as ouer plaas, is dit nie tot voordeel van jou kinders nie.



# 115

In die eerste lewensjaar is sekuriteit belangriker as dissipline. Jou baba wil weet dat jy daar is, haar kan en wil help, haar stem kan hoor, in haar behoeftes wil voorsien. Dit is eenvoudig nie waar dat enigiets anders as jou liefdevolle versorging prioriteit mag geniet nie.

# 116


Kinders wat altyd skoon aangetrek, veilig toegesluit en styf vasgehou word, ontwikkel geen vertrouwe in hulle omgewing of hulleself nie. Beskerming is ons plig, maar ons moet ons kinders ook gereed maak vir die lewe. Ons moet eerder toergidse as lyfwagte wees.



# 117

**I**n plaas van om jou kind agteruit te sleep – weg van die gevaar af – stap liever saam met hom tot so naby aan die gevaar as wat veilig is. 'n Kind wat nie toegelaat word om gevare van naby te beskou nie, sal geen waaghouding ontwikkel nie, of absoluut geen vrees hê nie. Nie een van die uitkomstes is bydraend tot volwassenheid nie. Daarom moet jy hulle versigtig blootstel aan leersame pyn – soos 'n kers wat kan brand – en ook aan teleurstelling.

# 118



Ouers wat besef dat hulle nie werklik hulle kinders vir ewig op hok kan hou nie, kan hulle tyd beter belê deur die lewe vir hulle kinders te interpreteer.

Dit behels soms iets soos 'n inenting – 'n versigtig geformuleerde blootstelling aan 'n bietjie van die gif en die monitering van jou kind se “teenliggaampies”. Kan my kind sien wat verkeerd is? Kan my kind nee sê? Leer jou kinders eerder om dié tipe onderskeid te tref as om hulle van alles te probeer weghou.



# 119

**A**s jy skielik net besluit om “kwaaiier” te wees, kies jy ’n geroeste saag. Dit gaan jou kinders klem-in-die-kaak gee, maar nie tot hulle vorming bydra nie.

Dis raadsaam om baie spesifiek te wees oor wat gesaag of gesnoei moet word en dit dan met nuwe gereedskap aan te pak. Maak seker jy begin by jouself. Kinders se onverantwoordelike optrede verbeter byvoorbeeld nie solank hulle ouers hulle ouerskapverantwoordelikhede verwaarloos nie.



# 120

Gee jou kleuters die geleentheid om laf te wees, te speel, te raas en rond te hardloop. Dit beteken wanorde, lawaai en soms ’n groot gemors. Hulle kan natuurlik help skoonmaak, maar eers moet hulle toegelaat word om met al hulle sintuie tot die uiterste te speel.

# 121

Geen

beledigings, verwyte,  
verkleining, tergery  
of afpersing kan  
goedgepraat word nie.

Die meeste kleuters  
hoor jou emosies  
duideliker as jou woorde.



## 122

**S**oms kry kinders 'n potensieel gevaarlike geskenk soos 'n pyl en boog. Die ouers moet dan maar 'n paar reëls maak, byvoorbeeld waar en waarna die kind mag skiet.

Moeg vir al die voorwaardes het 'n seuntjie eenmaal 'n brief aan Kersvader geskryf: “Liewe oom Kerswees. Ek soek hierie jaar 'n ding wat nie my sissie kan lat bloei nie of 'n ding wat nie kan ooge ytskiet nie of 'n ding wat nie in my maa se stofsyer kan vassit nie. Ag bring mar net swiets.”

# 123



Onthou dat jou kind nog met die voorwedstryd van sy lewe besig is.

Daar is tyd!

Wanneer ons kinders eendag met die hoofwedstryd begin, gaan hulle dit met hulle eie dryfkrag moet doen – nie met joune of myne nie.

# 124

**O**ns dink gesag is 'n juk om af te gooi sodat ons “vry” kan wees. God het dit egter nooit so bedoel nie. Dit moet 'n mantel van beskerming wees. Die gesag wat oor ons gestel is, is ons dak. Party dop af, ander het 'n lelike kleur. Maak dit die dak minder effektief? Nie noodwendig nie. Op dié manier vervul gesag 'n passiewe beskermingsrol, maar dit het ook 'n aktiewe rol, naamlik om ons in die regte rigting te neem.



# 125

Kinders het nie die vaardighede om ons rokpante stadig te laat los nie. Wanneer ouers dan ook nie teen die regte tempo wil skiet gee nie, loop dit op 'n ruk-en-plukkery uit. As ons dit egter reg hanteer, sal ons gesag geen skade ly nie. As ons egter nie gesonde hoeveelhede skietgee nie, word ons gesag beslis aangetas.

# 126


Vind uit  
wat in jou tiener se wêreld  
aangaan. Vind uit waarteen  
hy nog nie weerbaar is  
nie en spring aan die werk  
as jy agtergeraak het.  
Bly betrokke, al is dit  
van 'n veilige afstand af.



# 127

**D**ie onder ons wat dink dat soentjies en  
drukkies altyd alles beter maak, moet dalk weer 'n  
slag mooi daaroor gaan dink. Ons kan die laaste  
bietjie respek wat ons kind vir ons het juis met 'n  
soen verloor. Kinders weet wanneer hulle nie 'n  
soen verdien nie. Ons wat dan dink dat soentjies  
en drukkies ons enigste reaksie mag wees, se liefde  
word so goedkoop dat dit alle betekenis verloor.

# 128



'n Kind wat moegheid as verskoning gebruik, moet leer dat hy niks anders kan doen terwyl hy so moeg is nie.

As hy regtig te moeg is om die tafel te dek, is hy ook te moeg om te eet. Hy kan dan maar nagsê en gaan slaap. Julle sal sy kos vir hom bêre ... Dit behoort die gewenste reaksie te hê.

Wanneer kinders leer dat moegheid hulle niks in die sak bring nie, kry hulle dikwels 'n tweede asem.

**O**ns is soms self skuldig daaraan dat ons ons kinders bang praat met al ons kletsies oor geweld, boewe en inbrake. Ons kan tog nie die wêreld as 'n gevaarlike plek voorhou en dan wonder waarom ons kinders bang is nie.

Ouers reageer deur “monsters” uit die kaste en onder die bed uit te jaag of saam met die kinders die diefwering te inspekteer. Hierdie optrede is gevaarlik, want dit laat kinders dink dat daar wel iets kon gewees het.



# 130

Die gieter is die een ding waarsonder geen ouer ooit mag wees nie. Jy bly jou kinders se grootste bemoediger. Jou goedkeuring en aanmoediging bly hulle lewenslyn. Moet nooit ophou om hulle selfbeeld water te gee nie.

# 131

Jy oortree die grense van jou gesag as ower wanneer jy jou kind by jou laat intrek in die middel van 'n geskil met sy huweliksmat, of 'n dogter terugneem onder jou dak omdat sy sukkel om haar begroting so te bestuur dat sy haar huur kan betaal.



# 132

**A**llergieë is 'n groter wordende probleem by kinders en daarmee saam chroniese middeloorontsteking. Dit belemmer die ontwikkeling van kinders se woordeskat en taal- en luistervaardighede baie meer as wat ons beseft. Moenie kanse waag nie. As jou kind jou nie hoor nie, is dit soms vanweë herhaalde infeksies. Dit moet professioneel behandel en reggestel word. Soms is die infeksie lankal opgelos, maar die swak luistervaardighede is nog daar. Spraakterapie en oudioloë kan help.



# 133



Moenie in die strik trap om gedurig redes en verduidelikings te gee wanneer jou kind sê hy verstaan nie 'n opdrag nie.

Vra jou kinders om die opdrag woord vir woord te herhaal. Indien hulle dit kan terugsê, weet jy hulle hoor en verstaan.

Wanneer hulle nogtans maniere vind om jou nie te “verstaan” nie, kan jy aanbied om hulle te gaan wys wat om te doen.

Moet net nie tou opgooi nie!

# 134

**K**inders weet gewoonlik watter ouer hulle vir geld moet vra, en saam met watter een hulle op 'n uitstappie moet gaan. Hulle weet wie die *push-over* is.

My kinders verkies om saam met hulle pa winkel toe te gaan, maar nie saam met my nie, want ek koop nie roomys nie.

Ouers kan besluit wie watter areas in hulle kinders se lewe gaan bestuur en op dié manier hierdie wapen by hulle kinders wegneem.



# 135

**Vertrou** jou kinders aan die Here toe vir die res van hulle volwassewording. Gee raad wanneer dit gevra word, bid sonder ophou en hou aan om die beste voorbeeld te wees wat jy kan. Dis in hierdie fase die grense van gesonde gesag.

# 136

Soos 'n overgee die Here vir ons ook keuses en laat ons toe om die gevolge daarvan te dra. Hy gee beloftes gekoppel aan belonings, waarskuwings gekoppel aan straf en vertel ons by voorbaat van al die wonderlike skatte wat in die hemel vir ons wag.



# 137

**A**bsolute gelykheid tussen boeties en sussies is onmoontlik om te handhaaf. Om dus te probeer is 'n mors van tyd, en gewoonlik van geld ook!

Kinders voel verontreg omdat hulle nie kry wat hulle verwag nie. Gewoonlik het dit niks met die boetie en sussie te doen nie. Vra eerder: “Wat dink jy verdien jý?” Hieruit gaan jy agterkom of jou kind onrealistiese idees oor sy regte en voorregte het, en of hy dalk 'n punt beet het.

# 138



Kinders word gebore met die idee in hulle koppies: “Luister mense, hoe gouer julle my volg, hoe beter sal dit met julle almal gaan.

Ek weet julle moet vir my luister en ek gaan julle leer hoe. Ek gaan julle afrig deur hard en aanhoudend te skree as ek nie van iets hou nie. Is julle gereed?”

Ons is so seker daarvan dat hulle dierbaar, onskuldig en perfek gaan wees dat ons natuurlik nié gereed is vir die aanslag nie.

# 139

**B**aie ouers se dol program bring mee dat kinders in die donker oggendure moet opstaan en eers laat tuiskom. Hierdie kinders se eie program is dikwels vol aktiwiteite. Hulle slaap te min. Soms is hulle heeldag by 'n skool waar hulle selde aan hulle verbeelding vrye teuels kan gee. Hulle skree as jy hulle aflaai, of as jy hulle soggens wakker maak omdat hulle nie al die eise kan hanteer nie. Speeltyd help hulle om dié frustrasies te ontlaai, maar as hulle nie tyd het om te speel nie ...



**140** Ons leer dat ons by die werk vervangbaar is. Ons ontdek dit wanneer ons bedank en die aarde aanhou wentel. Ons is egter onvervangbaar in ons rol as pa en ma. Niemand anders kan werklik hier jou plek inneem nie.

# 141

Moet geen  
aannames maak nie.  
Vra betekenisvolle, ondersoekende  
vrae sodat jou kind kan leer om  
deurdagte antwoorde te gee.  
So ontdek jy leemtes in jou kind  
se vaardighede en kan jy leiding  
en hulp gee waar nodig.



# 142

**K**inders het erkenning nodig, en nie net vir prestasies nie. Hulle wil raakgesien word. Hulle “manipulerende” gedrag sê vir ons: “Sien jy wat ek doen? Verstaan jy wie ek is? Is jy trots op my? Besef jy dat ek hard probeer al kry ek nie alles reg nie?”

Wanneer jou kinders dus iets doen soos om hulle *burp*-talent voor kuiergaste te vertoon (dit het al met my gebeur), sal jy ook besef dat hulle uitgehonger vir aandag lawwe dinge sal doen.

# 143



Kinders wil inpas en 'n eie identiteit vorm wat binne hulle vriendekring sin maak.

Hulle voel hulle moet op daardie duur kamp gaan, anders lyk hulle arm. Hulle dink hulle kry die minste sakgeld en voel dat hulle die laagste status het. Ons weet jy sal nie doodgaan as jy tussen 'n klomp Mercs met 'n ou Peugeot-stasiewa afgelaai word nie. Ons kinders het egter nog nie dié perspektief nie. Hulle gebruik manipulasietegnieke soos beskuldigings en 'n gekerm om hierdie behoefte vervul te kry.

**W**anneer kinders 'n *tantrum* kry of met baie aanvallende beskuldigings vorendag kom, sê hulle optrede vir jou: “Mamma het gister gesê sy gaan niks anders koop nie, maar toe al die tannies haar aanguur omdat sy my so laat skree, het sy toegee. Ek kan dus die grensdraede elke keer bestorm, en dalk wen ook!” Hulle glo as hulle een keer sukses behaal het, kan dit weer gebeur. Wanneer ouers in so 'n geval toegee – selfs net een keer – dink die kind dat slegte gedrag beloon word.



**145** In vennootskap met ons kinders heg ons nie net waarde aan die uitkoms van ons gesag nie, maar ook aan ons kinders. Dan mag hulle binne perke langs ons loop en by ons leer hoe om goeie besluite te neem. Ons gee hulle keuses sonder om toe te gee.



# 146

Jou verwagtings is dalk te hoog en te onmiddellik. Jy laat jou kind eksamen skryf voordat hy onderrig is. Veeleisendheid breek kinders se moed omdat hulle net nie kan voldoen aan hulle ouers se verwagtings nie.



# 147

**K**inders wat jou gesag uitdaag en dan beleef dat jy nie omgee en optree nie, sal altyd die belewenis hê dat hulle jou kan beheer. Een van die belangrikste grense in 'n huishouding met gesonde gesag, is die grens wat bepaal hoe kinders met hulle ouers praat en hoe ouers op hulle beurt met die kinders praat.

Min ouers spel dit uit. Min kinders bly vanself binne dié grens. Baie manipulasietegnieke sal nooit kon floreer as hierdie grens duidelik is nie.

# 148



Selfs jong kleuters kan  
'n “begroting” hê.

Sê byvoorbeeld vir hulle: “Elke week kan jy een keer in die winkel 'n lekkertjie kry, een keer 'n roomys en een keer 'n pakkie skyfies. Wanneer jy jou drie wense opgebruik het, is dit klaar.”

Op dié manier kan jy hulle herinner aan wat hulle reeds gebruik het en aan hoeveel dae daar nog in die week oor is. Dit is terselfdertyd sommer 'n goeie skoolgereedheidsoefening ook!

# 149

**S**legte gedrag word beloon wanneer ouers toegee – selfs net een keer. Kinders sal dadelik besef dat hulle manipulasie geslaag het en dan is dit soos ’n bulhond wat sy kake om jou enkel sluit.

Elke keer wat hulle suksesvol manipuleer, bou hulle meer deursettingsvermoë vir die volgende aanslag. Hulle verfyn hulle taktiek om presies by jou sagte plekkies aan te pas. As jy maklik skuldig voel, sal hulle die skuldsnaar tokkel. As jy self vreesagtig is, sal hulle dikwels “bang” wees.



# 150

Opregte, spesifieke waardering en erkenning vir jou kind se optrede en gesindheid is kenmerke van ondersteuning. Die poging is belangriker as perfekte resultate en foute word beskou as geleenthede om te leer.

# 151

Die beste manier om kinders teen alle gevare te beskerm is om hulle aan absoluut niks bloot te stel nie. Ons moet hulle min of meer lewenslank tuis hou en net organiese kos op hulle borde sit. Dit is onmoontlik, nie waar nie?



# 152

**O**ns het nie tyd om die belangrikheid van voedingswaarde te verduidelik nie, maar ons het genoeg tyd om vir die lekkergoed te betaal. Ons het nie tyd ingeruim om ons kinders weerbaar te maak teen die aanslag van advertensies nie, en nou betaal ons maar ten duurste vir die Levi-jeans. Ek wens ons het nie soveel geld gehad nie ... As ons nie werklik die lekkergoed en ontwerpersklere kon bekostig nie, het ons dalk die moeite gedoen om ons kinders 'n gesonder, minder materialistiese lewenswyse te leer.

# 153



Ouers laat tienjariges nog tussen hulle slaap.

Mamma bring die eerste 20 minute van die dag langs 'n klouerige kleuter op Juffrou se mat deur. Dit alles omdat niemand hierdie ouers begelei nie. Die kinders se manipulasie slaag jaar in en jaar uit. Gewoonlik is dit omdat ouers 'n konfliklose, traanlose, pynlose oplossing soek.

Niemand leer hulle hoe om 'n vriendelike maar noodsaaklike “nee” te sê en dan nie te ontsteld te raak oor die reaksie nie.

**O**ns gee ons kinders hulle sin in plaas van dat ons onself vir hulle gee. Ons is so onvervangbaar dat ons nogal baie dinge moet gee voordat hulle naastenby tevrede voel.

Ons moet hierdie skuldgevoelens vierkantig in die oë kyk en eerder die redes daarvoor ondersoek en iets daaromtrent doen, want wanneer ons dit probeer toesmeer deur ons kinders te bederf, gaan daar later nog redes bykom om skuldig te voel.



# 155

Toe ek  
die dag by iemand  
'n babamonitor leen,  
waarsku die ma my skertsend:  
"Ons sal nie nog kinders  
hê nie, maar ons sal dit  
dalk terugvra wanneer  
ons oudste 'n tiener is ..."

# 156

Ons kies tussen bindings en bande. Ons kinders moenie met bindings aan ons vas wees, soos deur manipulasie gebeur nie. Hulle moet met liefdesbande aan ons verbind wees. Ek glo dit is waarom die Woord sê ons mag niemand iets meer as liefde skuld nie.



# 157

**D**ie jong ma het my al huilend vertel dat sy haar kleuter jare lank met lekkergoed gepaai het omdat sy gevoel het dat 'n gawe mamma nie haar kind so baie mag laat huil nie. Die dogtertjie het nou weens tandbederf al twee jaar lank amper geen tand in die mond nie, terwyl sy vergeefs vir die permanente tandjies wag.

Hierdie mamma sê haar dogtertjie se swak selfbeeld maak baie seerder as daardie traantjies waarvoor sy destyds so groot geskrik het.

# 158



Baie ouers weet nie hoe om hulle emosies te hanteer nie, laat staan nog hulle kinders s'n!

As kinders se emosies ons verbouereerd maak, gaan hulle mos met ons kan mors. Dit gooi ons van balans af en daarom werk die gesanik, want ons wil die kinders tot elke prys daarmee laat ophou. “Almal kyk vir my, ek voel so skaam, ek gaan liever my kind met 'n eetdingetjie troos.” Ons moet leer emosies is veilig en goed en insiggewend, nie gevaarlik, vreesaanjaend en verbode nie.



# 159

**E**k het 'n baie kommerwekkende tendens in Amerika gesien: Wanneer kinders begin baklei, ongeskik of ongeduldig raak of lank vir iets moet wag, word *Snack Time!* vrolik aangekondig. Almal kry dan gou 'n dosis verfynde koolhidrate. Ek dink ek weet watter boodskap kinders kry: “As jy hartseer, gespanne of ongeduldig raak, moet jy doen wat jou ma jou geleer het – voer jou mond!” Dit is beslis deel van die oorgewig-epidemie. Waarom leer ons nou ook hierdie nare gewoonte aan?



# 160

'n Ma van drie het manipulasie só beskryf:  
Ek voel net skielik dat ek nie meer die stuurwiel vashou nie en ek sit ook nie meer op die bestuurdersitplek nie. Die eintlike scary ding is om my driejarige se voet op die petrolpedaal te sien!

# 161

Ons kinders is eintlik ons nalatenskap. Ons kinders gaan eendag iemand anders se huweliksmat, ouers en grootouers wees. Indien hulle ook manipuleerders word, sal hulle nie hulle lewensdoel bereik nie. Manipulasie se uiteinde is die vernietiging van verhoudings.



# 162

**B**aie ouers dink hulle kinders mag nie huil, wag, kwaad word of teleurgestel word nie. Ons het talle maniere om al hierdie “onaanvaarbare” ongemak te voorkom. Ons spring rond met al wat ’n troos- en sustegniek is.

Ons behoort ons kinders aspris te laat wag as hulle sukkel om geduld te leer. Dit neem ongelukkig tyd – daardie ding wat ons nie het nie. En in ons agterkop sanik daar ook die stem wat sê liefdevolle ouers sal nooit so wreed optree nie.

# 163



Sommige ouers heg nog te min waarde aan hulle kinders se behoeftes.

Hulle verstaan nie dat 'n kind se wil gebuig, maar nooit gebreek mag word nie. Op sulke ouers wag daar gewoonlik 'n les in die beperkings van hulle gesag. As hulle 'n lewerkoekie in die kind se keel afdruk en dit kom terug, kom hulle agter dat gesag perke het.

Hulle sal die koekie dalk in die keel af kan manipuleer, maar die verbitterde uitdrukking op die kind se gesig sal welverdiend wees.

# 164

**O**m toe te gee is die weg van die minste weerstand. Die sigbare konflik wat jy probeer vermy, is niks in vergelyking met die onsigbare innerlike konflik waardeur ouers gaan wanneer hulle gekonfronteer word met vrae soos “Is dit my skuld dat my kind ontspoor het?” nie.

Konflik in die kleuterjare is niks teen dit wat kom nie. Wanneer ons die bul by die horings pak terwyl daardie bul nog ’n kalfie is, sal ons later bly wees ons het dit gedoen.



# 165

Moet asseblief nie in die strik trap om te dink dat alles wat natuurlik en organies is, outomaties goed is vir jou kind nie. Tabak is ook 100% natuurlik, om nie eers van dagga en opiumpapawers te praat nie!

# 166

Kinders wat te bang is om te gaan slaap, het dalk net 'n behoefte aan jou nabyheid.

Party van ons gee vir ons kinders heeltemal te min van onself.

Hulle raak so desperaat vir ons tyd dat hulle enige verskoning sal uitdink om ons by hulle te hou.



# 167

**M**aak seker jou kinders eet kos wat volgehoue energie gee. Bly veral weg van verfynde koolhidrate soos witbrood, lekkers, koekies, vrugtesappe (ja, dis propvol suiker!) en kunsmatige eetgoed soos skyfies en kitskos. As jy hulle etes goed beplan en jy weet hulle basiese voeding is goed, is dit makliker om nee te sê wanneer hulle aanhoudend lekkergoed vra. Aan die ander kant is dit ook onnodig om alle lekkernye te verban, want dit maak jou kind daardie lekkergoedmonster wat by partytjies heeltemal handuit ruk.

# 168



Onthou dat elke kind  
'n ander tipe aandag nodig  
het.

Party wil jou applous hê, party  
wil met jou meeding en ander wil  
iets saam met jou doen. Vir sekere  
kinders is dit genoeg om naby jou  
te wees, al doen julle nie veel nie  
en al sê niemand 'n woord nie.

Let daarom op wanneer jou kind  
blom en maak 'n nota van daardie  
soort aandag wat so goed werk.  
Gee dan meer gereeld aandag op  
dié manier.

# 169

**T**oon belangstelling in jou kind se belangstellings. Gee 'n leidraad dat jy iets gesien het wat sy oulik gedoen het en laat haar raai wat dit is. Dit maak kinders baie opgewonde en laat ook by hulle geen twyfel oor jou belangstelling en positiewe verwagtings nie.

Indien jy vir net 'n week hierop fokus, sal dit sommer gou by jou tweede natuur word om die positiewe oral raak te sien. Dit sal ook wondere verrig vir jou kind se selfbeeld.



# 170

Verdwyn jou kind se verset nadat jy 'n eenvoudige verduideliking gegee het? Indien nie, is hy besig om jou gesag te bevraagteken, nie die opdrag nie. Dis rebellie, en die tegniek is beslis manipulasie. Hoe gouer jy dit stopsit, hoe beter.

# 171

Word jy dieselfde behandel as almal wat net so oud soos jy is? Is jou kinders se vermoëns, motiewe en gesindhede dieselfde?

Omdat die antwoorde nee is, hoef jy jou kinders ook nie altyd eenders te behandel nie. Jy berei hulle mos voor vir die werklikheid.



# 172

**W**anneer jou kind “nee” sê, kan jy vra: “Wat is jou plan?” Ons kinders is dikwels gekant teen die manier waarop ons verwag dat hulle iets moet doen, nie teen die taak self nie.

My seuntjie wou een aand nie sy boontjies eet nie. Ek het gesê: “Jy het die vesel en vitamienene nodig, so, *wat is jou plan?*” Sy antwoord: “Dit lyk nie vir my mooi nie. Kan ek dit in ’n broodjie toerol?” Hy het die laaste happie opgeëet en nog gegrap oor sy boontjie-*hotdog*.



# 173



Ek was baie hartseer toe ek onlangs 'n tiener hoor sê: “MXit het my lewe gered.

Het jy enige idee hoe alleen ek was? Nou het ek sommer baie vriende. Hulle is sulke *nice* mense met wie ek oor enigiets kan praat.”

Hierdie kind het net virtuele verhoudings met virtuele vriende. Hy ken van hulle net as Blade, Wife, Speedy of Bubbles. Tog weeg dit swaarder as die verhoudings met sy eie huisgesin.

Die fout lê nie by MXit nie!

# 174

**T**oe my seuntjie ses was, het hy reeds baie krities na advertensies gekyk en selfs kort-kort gesê: “Hulle jok al weer!” Ek hoop hy sal dit tydens sy tienerjare vir sy hormone ook kan sê!

Hy kan ook agterkom wanneer mense hulle eiewaarde in materiële dinge vind. Hy het byvoorbeeld so op die advertensie van ’n pragtige *convertible* gereageer: “Kyk, Mamma, daai ou dink hy’s *heavy cool* net omdat sy kar so aan die pad plak en hy nie ’n dak het nie.”



# 175

Dit neem kinders tyd om agter te kom dat ons gesag nie net hulle pret bederf nie, maar eintlik bedoel is om hulle lewe te rig en te beskerm. Ons moet maar vir dié wonderlike oomblik wag, selfs al kom dit eers nadat hulle uit die huis uit is!

# 176

Kinders voel

siek, geïrriteerd en moeg  
wanneer hulle verkeerd eet en  
vind dan nie altyd beskaafde  
woorde om dit te kenne te gee nie.  
Dis 'n bloedsuiker-*tantrum* wat  
julle in die winkel beleef, nie  
noodwendig manipulasie nie.



# 177

**L**eer jou kinders die waarde van primêre  
verhoudings. Moenie toelaat dat julle  
gesinsverhoudings uitrafel terwyl jou kind se  
kontakte op Facebook en MXit honderde sterk  
word nie.

Niemand kan ooit vir jou kind die leemte vul wat  
jou gebrek aan liefde laat nie. Net so kan niemand  
oortoe jou kind verwoes as die beskerming van jou  
opregte belangstelling hulle vashou nie.

# 178



Vra jou af of die magstryd tussen jou en jou kinders die moeite werd is.

Indien nie, gee op en stel 'n laer standaard. Ek moes onlangs die geveg oor toe klerekasdeure prysgee. Dit was moeilik, want ek haat oop kasdeure! Ek moes erken dat dit nie die energie en woede werd is nie.

As dit nie 'n morele of geestelike kwessie is nie, nie jou kind se karakter raak nie en niemand se gesondheid of veiligheid bedreig nie, kan jy 'n bietjie ontspan.

# 179

**M**anipuleer jou seuntjie jou in die kar? Gee dan vir hom die verantwoordelikheid om die kar oop te sluit en te kyk dat almal sitplekgordels dra. Manipuleer jou dogter jou in die winkel? Laat haar twee items op jou inkopielysie sit. Manipuleer jou tiener jou wanneer dit by sakgeld kom? Gee meer sakgeld en maak die lysie langer van dinge waarvoor sy self moet betaal. Wees kreatief om te verseker dat jou kind langs jou staan en nie teenoor jou nie!



# 180

Hoe gee ons aandag aan 'n kind as almal voldag werk? Genoeg aandag kom met opofferings. Kinders moet dikwels baie hard en lelik daarop aandring omdat ons so hard en aanhoudend met ons eie dinge besig is.

# 181

Ongeveer 25% kinders se vernaamste liefdestaal is aanraking. Hulle het baie daarvan nodig. As hulle dit nie kry nie, raak hulle uit desperaatheid klouerig, of hulle raak kreatief deur jou te kom kielie of jou boud te knyp!



# 182

**J**y moet onthou om op te let of boeties en sussies mekaar of maatjies manipuleer. Dit is dikwels juis in die skool of tydens speletjies dat kinders hulle lemme leer slyp. Praat van gevaarlike sosiale vaardighede!

Ouers vertel my gereeld van kinders wat gunsies moet doen of met lekkergoed moet betaal in ruil vir die voorreg om saam te speel. Wanneer ons as opvoeders sulke gedrag by kinders sien, is dit ons plig om in te gryp.

# 183



Wanneer ons ons kinders straf vir wat hulle verkeerd doen, moet ons darem ook vir hulle kan verduidelik wat reg is.

Ons gaan almal se manipulasie-wapens wegneem en ons eie ook aflê, maar dan moet ons die nuwe reëls van die spel duidelik aan ons kinders deurgee.

Leer byvoorbeeld jou kinders hoe om met jou te praat en bewys dat kalm, vriendelike woorde hulle baie verder bring as 'n gekerm, beskuldigings of dreigemente.

# 184

**J**y moet altyd op die uitkyk wees vir nuwe taktiek. Manipulasie kan soos 'n indringeronkruid wees – sodra dit op een plek uitgeroei is, steek dit op 'n ander plek kop uit.

Kinders wat uiteindelik ophou om woede te gebruik om te manipuleer, kan skielik meer subtiel te werk begin gaan en sjarme of beloftes inspan.

Vra 'n onderwyser, 'n goeie vriendin of jou huweliksmaat om saam met jou hierna op te let. Soms sien hulle raak wat jy miskyk.



# 185

Kinders móét manipuleer as hulle overs hulle nie toelaat om rolspelers in hulle eie lewe te wees nie. As hulle op allerhande maniere verhinder word om keuses te maak en besluite te neem, sal hulle op allerhande maniere manipulerend raak.



# 186

Ouers is soms te moeg om weerstand te bied. Dis vanselfsprekend dat ons nie altyd kans sien om ons man te staan nie. Ongelukkig weet kinders dit alte goed. Hulle teiken ons juis wanneer ons ore hang. Juis dan moet jy doen wat nodig is.



# 187

**K**inders neem hulle kanse waar wanneer daar onduidelikheid of ruimte vir 'n misverstand is. Hulle sê maklik: “Ek het nie geweet nie,” of hulle beskuldig jou van onregverdigheid wanneer hulle 'n straf kry wat hulle nie verwag het nie. Bespreek daarom reëls in besonderhede en betrek die kinders by die maak van redelike reëls en by die ooreenkoms oor gevolge, strawwe en belonings. Wanneer almal saam besluit het, sal die manipulasie minder wees – en jou skuldgevoelens ook.

# 188



Verduidelik aan jou kinders  
dat ons menslike wil  
gevaarlik is.

Ons kan daarmee gehoorsaamheid  
of rebellie kies. Wanneer ons  
rebellie kies, volg manipulasie  
kort op sy hakke. Jesus stel die  
voorbeeld dat ons ons wil moet  
oorwin en dit self onder die  
gesag van ons ouers en ander  
gesagsfigure moet buig.

Wanneer dit vir ons moeilik is,  
mag ons die Here vra om ons te  
help en omdat dit vir Hom so  
belangrik is, sal Hy dit doen.

# 189

**G**ebruik fliks en TV-programme en oefen 'n week lank saam om die karakters se manipulasietegnieke te identifiseer. Ons plaaslike sepies is vol meesterlike voorbeelde. Gesels dan oor die sondige gesindhede wat dit aandryf, soos jaloesie, begeerte, onwilligheid om die waarheid te vertel, gierigheid, selfsug en valsheid. Help jou kinders aan die hand daarvan om te sien dat dit nie by kinders van die Here pas nie. Verduidelik ook aan hulle wat die regte optrede sou gewees het.



# 190

Wanneer ons kinders ons nie meer respekteer nie, is ons gesag kragteloos. As gesonde gesag egter werklik vir ons belangrik is, moet ons die tyd neem om dié verbrokkelde tuinmuur met die regte boustene te herstel.

# 191

Wanneer ons nie 'n verhouding met ons kinders het nie, is daar geen grond vir samewerking nie.

Om samewerking te kry, "moet" ouers dan manipulerend wees, behalwe as hulle die moed het om die verhouding te herstel.



# 192

**L**eer jou kinders die baie belangrike feit dat gehoorsaamheid jou bruikbaar maak, maar dat rebellie jou nutteloos maak vir die Here.

Gehoorsaamheid soos Noag s'n is vir die Here 'n groot vreugde. Hy het gedoen wat God gevra het, al was dit 'n vreemde opdrag en boonop baie harde werk. Kinders wat sulke opdragte uitvoer, sal ook eendag deur die Here gekies word vir sulke belangrike werk – werk wat die geskiedenis van die hele wêreld kan verander!

# 193



Maak vir jou jong kind  
'n beloningskaart met Noag  
se ark op.

Teken tien vensters in die kant van  
die ark, maar geen diere nie.

Elke keer wanneer jou kind  
onmiddellik gehoorsaam is sonder  
om te kla of teë te praat, mag sy 'n  
plakkertjie van 'n dier in 'n venster  
plak, of een teken.

Wanneer die ark vol is, kan jy  
haar met 'n nuwe Bybelstorieboek  
beloon en haar aanmoedig om  
altyd so bruikbaar vir Jesus te  
wees.

**P**asop vir “as jy weer ... ” en “dis die laaste keer ... ” Al werk die tegniek net een keer, laat dit jou kind se hoop om in die toekoms te wen hemelhoog opvlam. Wanneer jou kind die eerste keer ’n nuwe tegniek uittoets, antwoord jy: “Ek sien jy probeer my manipuleer deur so te sanik. Wat ek graag wil hê jy volgende keer moet doen, is om mooi met my te praat. Ek kan nou glad nie doen wat jy gevra het nie, want dan gaan jy niks daaruit leer nie. Probeer later weer.”



# 195

Daar is heelwat maniere waarop ons die manipulasiespel in ons huise in die kiem kan smoor, maar nie een daarvan is maklik nie. Ons moet die wil hê om die langer pad te loop wat gesonde gesag van ons vra.

# 196

Dit staan  
soos 'n paal bo water dat  
kinders sonder gereelde liefdevolle  
aanraking skade ly. Outjies wat  
nie genoeg kry nie, soek ander  
sensuele, intense ervarings.  
As jy altyd fisiek afsydig is, wil hulle  
later nie meer aangeraak word nie.



# 197

**E**k en jy is maar net tydelike tuiniers in ons  
kinders se lewe. Ons werk is uiters belangrik,  
maar ons kweek slegs onder die toesig van die  
Meestertuinier.

Ons mag maar foute maak. Ons vermoë om  
daardie foute te bely en reg te stel is deel van  
gesonde gesag.

Gelukkig is daar in hierdie wonderlike avontuur  
van ouerskap meer as genoeg genade vir ons en  
ons kinders.

# 198



Veg jou pad oop na jou kind se hart.

Soms verg dit dat jy jou spiere wys; ander kere dat jy sagter te werk gaan. Soms is daar tye dat jy meer beheer moet uitoefen; soms moet jy beheer weggee ter wille van jou kind se volwassewording; ander kere moet jy laat gaan.

Moenie moed opgee nie. Hou jou hart net so oop soos die pa van die verlore seun. Oop harte tussen ouers en kinders is immers die basis vir goeie verhoudings.



# 199

**M**ense vra my dikwels of 'n pak slae nie te traumaties is nie. As jy jou hand op 'n rooiwarm plaat druk en brand, is jy nie getraumatiseer nie – net gebrand. As jou stoof egter in die middel van die nag in die gang afkom en jou in die bed kom blase brand – dan is jy getraumatiseer.

Straf is nie gelyk aan trauma nie. Voorspelbare gevolge is die sleutel. Jou kinders moet weet watter oortredings watter soort straf tot gevolg het.



# 200

Koop een maal elke twee weke lekkernye en verdeel dit onder die kinders. As dit op is, is dit op. Hulle sal jaloers word wanneer hulle boetie nog iets oorhet, en op dié manier leer om nie alles op die eerste dag of twee op te eet nie.

# 201

Kinders leer baie meer deur spel as wat ons kan dink. Spel is 'n voorvereiste vir leer, emosionele ontwikkeling, die ontwikkeling van sosiale vaardighede, selfvertroue, stresontlading, kommunikasievaardighede, selfgeding, verbeelding en nog baie meer.



# 202

**G**ebruik soms probleemstellings in die plek van 'n opdrag of teregwysing. In plaas daar om te gil: “Wie dink jy gaan jou karretjies in die voorportaal optel? Wil jy hê Ouma moet haar nek breek as sy nou-nou kom kuier?” kan ons eerder sê: “Ouma val maklik. Gaan maak gou seker Ouma kan oor niks val as sy nou-nou by die voordeur inkom nie.”

Prys ook jou kinders wanneer hulle die regte oplossings vir probleme vind.

# 203



Ek het eendag goeie raad in 'n radiopraatjie gehoor: In plaas daar om wakker te bly totdat jou agtienjarige tiener huis toe kom, kan jy liever 'n wekker stel om op die afgespreekte inkomtyd af te gaan.

As jou kind betyds is of die wekker voorspring, gaan almal rustig slaap. Boonop gaan jou kind soos die volwassene voel wat hy byna is. As 'n kind laat is, verdien hy om deur 'n knorrige Pappabeer ingewag te word.

# 204

**V**andag se kinders is bederf. Hulle word oorlaai met materiële goed en het byna alles wat kan oop- en toemaak. Dit is een van die grootste redes waarom kinders ondankbaar, ontevrede en veeleisend is. Ons het self die standaard so hoog gestel; daarom verwag kinders dat dit ten minste gehandhaaf word. Jou kinders sal nie getraumatiseer raak as hulle nie alles kry wat hulle oë sien nie. Leer hulle liever wat regtig belangrik is in die lewe en fokus saam as gesin daarop.



# 205

Die oomblik  
wanneer jy by die huis kom, wy  
eers 'n paar minute se aandag aan  
elke kind. Aandaghonger kinders  
word hoe later, hoe kwater.  
Moet ook nooit aandag onttrek as  
'n manier om jou ontevredenheid  
met jou kind te wys nie.

# 206

Ek glo

baie van ons kinders se  
sogenaamd manipulerende gedrag  
is die resultaat van oormoegheid  
en te min speelyd. Kinders word  
ongelooflik hard gedruk.  
Hulle programme is op 'n te jong  
ouderdom heeltemaal te vol.



# 207

**L**eer jou kleuter om van onaangename emosies  
ontslae te raak deur die denkbeeldige “bol  
kwaad” of “huil” by die karvenster uit te gooi. My  
seuntjie het al 'n huil flenters getrap en in 'n kas  
toegemaak.

Dit is 'n baie praktiese manier om kleintjies te  
help om hulle emosie los van hulleself te sien as  
iets waaroor hulle beheer het. Maak net seker hulle  
weet dit is nie reg om só op te tree teenoor  
'n persoon wat hulle omkrap nie.

# 208



Woedeuitbarstings kan voorkom word as jy weet hoe jou kind “aangeskakel” word.

Is dit moegheid, honger, lawaaierige publieke plekke, te veel mense of hitte wat jou kind laat uitrafel? As jy dit weet, kan jy hom help om sy snellers beter te hanteer en jy kan selfs die snellers probeer voorkom. Sorg byvoorbeeld dat jou kind iets eet voordat julle winkel toe gaan. Dan sal die bloedsuikervlak reg wees wanneer julle by die lekkergoedrak moet verbystap.

# 209

**M**aak 'n huisreël dat niemand na 'n geskree  
hoef te luister nie. Wanneer iemand histories of  
beledigend raak, mag die ander wegloop.

Die tafel en kar is bakleivrye sones ter wille van  
spysvertering en padveiligheid. Die oortreder sal  
gevra word om die tafel te verlaat en in die kamer  
te gaan afkoel – ouers ook – en die een wat in die  
kar baklei, sal met terugkoms tuis alleen in die  
kar sit vir so lank as wat die konflik in die kar  
geduur het.



# 210

Party kinders

het snaakse belangstellings.

Moenie hulle dingetjies wat  
vir jou onsinnig lyk, sommerso  
afskiet of selfs afkraak nie.

Doen moeite om elke dag iets  
raak te sien wat hulle reg doen,  
en prys hulle daarvoor.

# 211

Gee daardie naelstring van jou skiet! Maak seker jou kind speel 'n rol, neem besluite, aanvaar verantwoordelikhede en wordtoegelaat om binne perke keuses te maak. Kinders met genoeg ruimte manipuleer minder as die outjies met die naelstring om die nek.



# 212

**O**m televisie te kyk, op 'n tablet te speel en selfs selfoontyd is 'n voorreg, nie 'n reg nie. Dit is daarom sinvol om hierdie voorregte weg te neem wanneer kinders nie die reëls oor tydsbesteding en die volgorde waarin plesier en pligte hanteer word, nakom nie.

As hulle byvoorbeeld buite gaan speel voordat hulle huiswerk gedoen is, sal hulle eenvoudig hulle huiswerk moet doen in die tyd dat hulle normaalweg televisie sou kyk.



# 213



Wanneer ons dink alle gedrag kan “reggestraf” word, word ons ouerskap te negatief.

Kinders het nie net ’n lat nodig nie, maar ook ’n staf. Herders het ’n stok gebruik om skape te piets en te beskerm, en ’n staf om hulle terug te “haak” op die pad. Party van ons kan net stokke swaai en moet leer om ook die staf te gebruik. Die staf verteenwoordig deernisvolle beheer en versigtige begeleiding in die regte rigting – dikwels ook deur die voorbeeld wat jy stel.

**T**alle teenstanders van lyfstraf beskuldig Salomo (en die Here) van wreedheid en wil hê ons moet die lyfstrafbaba saam met die Ou-Testamentiese badwater uitgooi. Spreuke loop egter oor van vermanings tot selfbeheersing, sagte woorde, deernis vir ander en vermyding van woede. Die Bybel gee ons geen reg om in woede te slaan, om wraak te neem of aan te hou totdat ons beter voel nie. Ander mense se kinders is taboe, en so ook vuiste of om 'n kind deur die gesig te klap.



**215** Kinders wat tuis verstaan, aanvaar en opgebou word, hoef nie vir ander te vra: "Is ek oukei?" nie. Hulle weet dit reeds. Kinders wat die bevrydende waarheid ken dat die Here hulle aanvaar, sal nie manipulasietegnieke gebruik in 'n poging om 'n kleurlose kopie te word nie.

# 216

Leer jou  
kinders van kleins af  
dat hulle nie is wat hulle  
eet, dra, koop of bestuur nie.  
Doen dit deur te wys dat  
jy hulle onvoorwaardelik  
aanvaar deur hulle  
onvoorwaardelik lief te hê.



# 217

**M**ishandeling is onwettig. Die wet daarteen  
kon dit egter nog nooit keer nie.

'n Wet teen 'n pak slae in 'n gesinskonteks deur  
liefdevolle ouers gaan ook nie daardie bouse  
hande vasbind nie; dit gaan die hande van ouers  
vasbind wat nie vasgebind hoef te wees nie, want  
hulle het selfbeheersing en dra hulle kinders se  
belange op die hart. Net wetsgehoorsames gaan  
hulle buitendien aan so 'n wet steur. Is hulle die  
gevaarlike ouers? Ek dink nie so nie!

# 218



As jou kind jou ignoreer  
wanneer jy haar vra om  
iets te doen en jy lus voel  
om te skree, gaan liewer tot  
by haar, hou haar gesiggie  
tussen jou hande vas en sê  
sag maar duidelik wat jy  
verwag.

Dit sal moeilik wees om jou daarná  
nog te ignoreer. Dit is ook vir party  
kinders nie lekker wanneer jy so  
aan hulle vat nie.

Dit dien dus sommer as  
aansporing om volgende keer  
liewer gouer te luister.

# 219

**B**egin om van vandag af die beste van jou kinders te verwag. Maak 'n positiewe aanname dat jou kind gehoorsaam gaan wees deur die woord “wanneer” te gebruik in plaas van die woord “as”.

“*Wanneer* jou huiswerk klaar is, mag jy maar daardie flieliek gaan kyk wat jy sou graag wil sien.” Dit is baie positiewer en spreek ook die verwagting uit dat jou kind gehoorsaam gaan wees.

Dit is ook 'n manier om vir jou kinders te wys dat jy in hulle glo.



# 220

Maak seker dat daar in jou eie behoeftes ook voorsien word, byvoorbeeld tyd om geestelik te herlaai, jou gesondheid te verbeter en lekker te ontspan sonder die kinders. Ja, jy mag!

# 221

Leer jou kinders emosiewoorde (soos teleurgesteld, gefrustreerd, verleë, bekommerd) sodat hulle kan verduidelik wat hulle beleef. Kinders wat hulle emosies kan uitspreek, hoef dit nie vir jou op te voer nie.



## 222

**D**r. Tony Fiore beveel aan dat ons spelletjies met ons kinders speel waarin hulle die verband tussen hulle gevoelens en gedagtes kan leer ken.

Vra jou kind byvoorbeeld hoe 'n mens sal voel wanneer jy dink: “Ek is niks werd nie. Niemand gaan met my speel nie.” Help jou kind dan om in te sien dat negatiewe gedagtes die emosies erger maak. Doen die oefening weer, maar dié keer met positiewe gedagtes: “Dit gaan 'n lekker partytjie wees. Ons gaan almal lekker saamspeel.”

# 223



Verduidelik vir jou kinders dat gedagtes soos trappies is.

Met elke gedagte klim ons een trappie op of een trappie af. Wanneer ons 'n negatiewe gedagte dink, klim ons 'n trappie na onder en word dit al hoe donkerder. Wanneer ons positief dink, klim ons een trappie nader aan die sonlig.

As hulle vooraf vir hulleself 'n “stel trappies” boontoe kan bou, is dit soos brandtrappe wat hulle in 'n noodsituasie na 'n veiliger plek kan neem.

**P**arty kinders het voedselallergieë of minstens intoleransie vir sekere kosse. Wat vir ons soos fiemies lyk, is eintlik hulle liggaampies wat vir hulle “sê” dat hulle die spesifieke kos nie moet eet nie.

As jou kind sekere kossoorte soos die pes vermy, en dit is kos wat bekend is vir allergene, is dit raadsaam om eers hiervoor bloedtoetse te laat doen. Jy wil tog nie jou kind dwing om iets te eet wat skadelik kan wees nie.



**225** Kla jou kind oor 'n werkie wat sy moet doen? Jy mag vir haar sê jy kan ook nie altyd die skottelgoed was sonder om jouself 'n bietjie jammer te kry nie. Wanneer kinders erbaar ons verstaan hoe hulle voel, hoef hulle nie hulle monde op te blaas nie.



# 226

Gebruik die waarskuwing: "Probeer weer!" wanneer jou kind jou manipuleer. Dit herinner haar daaraan dat sy byvoorbeeld nie in haar kermstem mag vra, of die versoek met 'n verwyf mag begin nie. Dit sal met jou kleuters én tieners werk.



# 227

**O**ns moet ons kinders van kleins af leer dat die heel belangrikste aanvaarding die Here s'n is. Ons moet vir Hom aanvaarbaar wees. Dit ís ons, danksy die genade van Jesus se verlossingswerk.

Tweedens moet ons onself aanvaar – iets wat ons net kan doen as ons ons waardes uitleef.

Derdens kom die aanvaarding van mense. Dié wat ons aanvaar op voorwaarde dat ons alles wat hulle doen, moet goedkeur of saamdoen, se aanvaarding is niks werd nie.

# 228



Ons moet kinders die waarde van konflik leer.

Dit het baie positiewe aspekte. Verduidelik vir hulle hoe 'n gloeidraad in 'n gloeilampie werk: Die draad bied weerstand teen die vloei van die elektrisiteit; daarom begin die draad gloei.

As die draad nie só “veg” nie, kan daar geen lig wees nie. So moet ons dikwels teen iets of iemand opstaan sodat 'n goeie ding kan gebeur. As ons net stilbly en nooit opstaan vir wat reg is nie, sal die wêreld ons stoomroller.

# 229

**A**s jou kind moeilik nuwe dinge waag, moet jy moeite doen om al sy pogings te aanvaar, al misluk hy. As hy ooit voel dat jy hom verwerp of teleurgesteld is, wil hy nie weer iets waag nie.

Help hom verstaan waarom veranderinge en risiko's hom so bang maak sodat hy beheer kan neem oor daardie emosies. Elke keer as hy in iets nuuts slaag, 'n verandering of risiko oorleef, en die beste daarvan maak, moet jy hom daarvoor prys.



# 230

My seuntjie het eendag die mag van sy lang wimpers en nuwe dimensies van die woord "liefde" ontdek en dit in 'n kragtige manipulasiedoepa saamgemeng: "Sussie, dit sal *liefde* wees as jy my sandale vir my by die klimraam gaan haal [knip wimpers staaadig]."

# 231

Kinders dink soms gehoorsaamheid beteken net hulle moet doen wat hulle ouers sê. Ware gehoorsaamheid is egter meer as dit, want dit kom uit die hart. Ons kinders se *gedrag* vereis wel dissipline, maar hulle *gesindhede* ook.



## 232

**W**anneer ons en ons kinders verskil, verloor ons onmiddellik as ons wegspring met lang verduidelikings. Dit laat ons summier skuldig lyk – asof ons ons saak probeer verdedig. Dit gee die kind die geleentheid om ons verder uit te daag.

Hoe minder jy sê nadat die streep in die sand getrek is, hoe beter. As jy te veel praat, leer jy jou kinders dat hulle net gehoorsaam hoef te wees wanneer jy vyf goeie redes daarvoor kan gee.

# 233



Baie ouers wil nie hê hulle kinders moet enige pyn beleef nie; daarom voel hulle verplig om hulle kinders te verdedig, te help, altyd aan hulle kant te wees en hulle so gelukkig moontlik te hou.

Tog leer kinders juis uit ervaring. As jy hulle dus nie straf en die gevolge van hulle verkeerde optrede laat beleef nie, kan hulle nie leer nie. Wees versigtig om hulle nie te oorbeskerm nie; hulle het avontuur en ruimte nodig.

# 234

**I**ndien beide jy en jou kind baie emosionele mense is, sal jy konflik tussen julle mooi moet hanteer. Julle sal albei heelwat oefening moet kry in die kuns van belydenis en vergifnis. Onthou dat jy die grootmens is, en hopelik ook die een met die meeste geestelike volwassenheid. Laat dus eerste jou liggeraaktheid gaan, wees eerste om die verhouding ná konflik te probeer herstel en vergewe eerste. Jou kind sal dankbaar wees vir die voorbeeld van hoe om sulke situasies te hanteer.



# 235

Dring daarop aan dat jou kinders nie brom-brom gehoorsaam is nie, maar met 'n gesindheid wat hulle goeie aard weerspieël. Jy moet natuurlik vir hulle die voorbeeld daarvan wees. Kinders doen mos maar wat hulle jou sien doen.

# 236

Gee meer vryheid en verantwoordelikheid aan jou tieners wanneer hulle jou gesag en dié van ander aanvaar. Verduidelik dat dit die basis vorm van vertroue. Hulle sal ook eendag deur 'n baas en deur die Here bevorder word as hulle die gesag bo hulle respekteer.



# 237

**R**aas en skree is nie 'n straf nie. Dit is trouens vir party kinders so vermaaklik dat dit selfs belonend kan wees. Dit is ongelukkig ook iets wat jou eie outoriteit ondergrawe. Kinders kan dus nooit raas verdien nie. Hulle verdien straf. Ek sien dikwels dat kinders met 'n sterk temperament die straf bo gehoorsaamheid kies, want ouers se straf skrik hulle nie regtig af nie. Die straf moet daarom sleg genoeg wees dat jou kind eerder sal kies om gehoorsaam te wees.

# 238



As kinders onseker voel,  
val hulle dikwels terug op  
'n aktiwiteit of voorwerp  
wat hulle met geborgenheid  
assosieer.

Party praat weer soos 'n baba,  
wil terugklim in Ma en Pa se bed,  
soek weer 'n gunstelingteddie wat  
lankal ontgroeï is. Dit is 'n seker  
teken van stres. Maak seker jy  
of iemand anders in haar lewe  
verwag nie te veel nie. Gesels oor  
wat haar bang of “gedruk” laat  
voel. Laat haar intussen maar weer  
met die ou teddie slaap.



# 239

**I**ndien jou kind baie sensitief is en uitmekaarval oor die geringste kritiek, kan dit nogal probleme veroorsaak. Wanneer jy wel so 'n kind moet kritiseer of reghelp, stel ek 'n “kritiektoebroodjie” voor. Dit beteken jy knyp die kritiek tussen twee “sagte broodjies” vas.

Begin deur iets moois of opbouends te sê. Daarna kan jy haar sagkens reghelp of die nodige kritiek gee. Sluit dan weer met iets positiefs af om seker te maak die gesprek eindig vriendelik.



# 240

Die Groot

Tuinier het jou kind se hart  
in sy hande. Laat Hom snoei  
waar jy nie kan bykom nie,  
en vertrou Hom vir die dag  
wanneer jy weer naby  
genoeg kan kom om met liefde  
jou werk as ouer voort te sit.

# 241

Die vermoë om impulse te beheer, met ander woorde, om te leer aanvaar dat jy nie altyd dadelik jou sin kry nie, is een van die belangrikste voorspellers van sukses in die lewe omdat dit emosionele volwassenheid, finansiële bestuur, menseverhoudings en werksetiek raak.



# 242

**O**uers maak dikwels die fout om te dink dit is deel van hulle basiese verantwoordelikhede om die balle te vang wat hulle kinders laat val. Dit is nie waar nie. Wanneer jou kind haar wiskundeboek of pennesakkie by die huis vergeet, hoef jy nie agter haar aan te ry en dit skool toe vat nie. Sy moet ongelukkig leer dat daar nie altyd 'n vangnet of 'n samaritaan is wat tot haar redding kom nie en dat sy self verantwoordelikheid vir sulke dinge moet aanvaar.

# 243



Ek glo daar moet in elke huis 'n reël wees dat niemand beledig, verkleineer of wreed geterg mag word nie.

Noem dit sommer “slaan is uit” – dit beteken dat ons nie fisieke óf emosionele houe uitdeel nie. Wanneer dit wel gebeur, moet die belediger opmaak deur die ander een met respek en liefde te dien. So kan Boetie verplig wees om 'n week lank Sussie se bed op te maak. Dit kan ongemaklik wees, maar sal groter sensitiwiteit vir mekaar kweek.

# 244

**O**m ander te groet is een van die belangrikste sosiale interaksies. Leer jou kind om mense in die oë te kyk en hulle naam duidelik te sê. Wanneer ons mense groet, vertel ons hulle ook iets van onself. As ons oogkontak maak en ons eie naam duidelik sê, dra dit die boodskap oor dat ons onself respekteer. Jy moet selfs jou skaam kind leer om dit te doen. Hy sal net vir 'n paar sekondes skaam voel, maar dit sal sy selfvertroue goeddoen.



# 245

Straf

moet altyd 'n kind  
reg*help*, nie reg*sien* nie.

Onthou, straf is *tug*,  
nie *terugkry* nie. Wanneer jy  
dus straf, moet jy jou kinders  
daardeur *waardes* leer, nie  
hoe om *wraak* te neem nie.

# 246

My kleuter

het eendag baie goeie raad  
by sy sussie gekry vir al die  
kere wanneer hy alleen in sy  
kamer moes wees: "Nee, man,  
Boetie, jy huil verkeerd.  
Jy moet met jou mond na  
die deur toe huil!"



# 247

**D**aar is raad vir kinders wat gedurig kop stamp omdat albei soos weners wil voel. Leer hulle dat die wenner die een is wat met die meeste liefde optree. Die een wat eerste ophou baklei of die toegeeflikste is, wen.

Indien hulle konflik kan oplos sonder om jou as skeidsregter in te roep, is hulle albei weners. Moedig hulle aan om self oplossings te vind en jou dan te kom sê. Sorg ook dat hulle jou nie manipuleer om kant te kies nie.

# 248



Kinders is deesdae onder geweldige prestasiedruk.

Alles is 'n kompetisie. In werklikheid moet hulle net die geleentheid kry om belangstellings te ontdek. Laat haar toe om aktiwiteite te geniet.

As sy kies om met iets op te hou en 'n goeie rede daarvoor het, kan jy haar wel dwing om minstens die kwartaal klaar te maak, maar jy hoef haar nie vir die res van die jaar daarheen te sleep nie. Moenie strafkampe maak van iets wat lekker moet wees nie.

**O**uers vra dikwels: “Hoe kan ek my kind leer om gehoorsaam te wees? Ek is moeg en moedeloos.” Wanneer ouers oor ongehoorsaamheid bekommerd is, wonder ek dadelik of hulle hul kinders éers liefhet en dan dissiplineer. Ek wil hierdie vraag ’n bietjie verander na: “Hoe kan ek my kind beter liefhê?” Dit moet ouers se eerste doel wees, want ons liefde vir ons kinders is waar alles begin. Dit is die begin en einde van ons gesag.



**250** Luister soms met jou hele lyf – glimlag, reageer, maak opmerkings, lag saam en vertel jou eie stories terug. Kinders geniet dit wanneer jy by hulle vertellings aansluit. Dit wys ook jy luister regtig na wat hulle jou vertel.

# 251

As jy nog  
nie geleer het om op ander  
maniere te dissiplineer nie, voel dit  
of alle gedrag 'n pak slae verdien.  
Doen moeite om 'n straf te vind  
wat by elke oortreding pas.  
Los dan die pak slae vir  
werklik ernstige gevalle.



## 252

**W**ees net lief vir jou kind en die respek sal  
volg. Ouers kan nie gesag hê sonder liefde nie. Ons  
kan ook nie sê ons is werklik lief vir ons kinders as  
ons nie gesag uitoefen in hulle opvoeding nie.

As jou kind sien dat jy regtig luister wanneer  
sy praat, sal sy respek ervaar. Dit word dan 'n  
tweeringtingstraat vir julle albei. Deur die streng oë  
wat saam met ons “nee” gaan, moet daar nog altyd  
liefde skyn.



# 253



Kinders wat nie 'n liefdevolle verhouding met hulle ouers het nie, sal altyd sukkel om met die regte gesindheid na hulle ouers te luister.

Hulle sal dikwels voel hulle word gedwing, en gehoorsaamheid sal nie 'n spontane reaksie wees nie. Om ekstra streng te wees met so 'n kind sal ook glad nie werk nie. Sy sal met onvoorwaardelike liefde teruggewen moet word. Sulke liefde omarm die kind sonder om verkeerde optrede te duld.

# 254

**S**tel vir jou kinders redelike en duidelike grense, en hou daarby. Wanneer jy nie behoorlike reëls en grense het nie, sal nie jy of jou kinders gelukkig wees nie.

Ons as ouers verwaarloos hierdie aspek van gesag wanneer ons net heelyd reageer op ons kinders se stoutigheid en ongehoorsaamheid. Hulle weet nie vooraf waar die grense is nie, en as hulle dit in ons oë oorsteek, straf ons hulle. Dit is nogal onregverdig, of hoe?



# 255

As jy baie kwaad is, sê dit vir jou kinders sodat hulle nie onwetend 'n landmyn aftrap nie. Moenie skree nie. Sê liever: "Ek begin nou kook." Dan sal hulle weet die afgrond is heeltemal te naby vir nog 'n dansie.

# 256

Wanneer  
ons baie aandag en  
tyd gee aan dinge wat  
nie ons kind se geestelike  
en morele groei raak nie,  
gee ons bes moontlik te min  
tyd aan dié dinge wat  
regtig saak maak.



# 257

**D**ie meeste kinders word nie met 'n ontwikkelde aanvoeling vir grense gebore nie. Hulle moet dit aanleer en ons is die verantwoordelike grensregters. Daarom is dit belangrik om duidelike grense te stel. Doen jy dit nie, is die resultaat skande vir jou en jou kinders.

Jy mag nie hierdie plig verwaarloos nie. Stel redelike grense en maak seker dit word nie verander of geïgnoreer nie. As dit die geval is, word dié deel van jou gesag belaglik.

# 258



Kinders bereik meer  
wanneer hulle gesag  
onvoorwaardelik aanvaar.

Dit is wat ek vir my eie kinders  
wil leer. Om onder God se gesag  
te kan lewe, moet jy opdragte  
kan uitvoer waarvan jy nie  
noodwendig hou nie. Jy moet kan  
ja sê al verstaan jy nie, en soms jou  
gemaksone prysgee.

Ons gesin se reëls is stroomop;  
daarom ervaar ons baie druk van  
buite. Tog doen ek wat die beste  
vir my kinders is, ongeag wat die  
wêreld daarvan dink.

# 259

**A**s ek sou moes kies tussen marionette of normale kinders, sou die keuse van hulle ouderdom afhang. Toe ons kinders jonger was, het ek vereis dat hulle absoluut gehoorsaam moes wees. Nou is twee van ons kinders tieners en wil ek dit nie meer so hê nie. Dit sal tog verkeerd wees as my vyftienjarige dogter glad nie vir haarself kan dink nie, of hoe? Neem dus jou kind se ouderdom in ag en laat meer ruimte toe hoe ouer hulle word.



# 260

Skree  
doen net soveel om gedrag  
te beheer as wat 'n toeter  
help om 'n kar te bestuur.  
Gebruik dus aksie aan jou kant  
om jou kinders in beweging  
te kry, en gebruik baie  
praat vir lekker gesels!

# 261

Jy moet verby die ooglopende kyk wanneer jy jou kinders beloon of straf. Kinders se aandeel en motiewe is selde identies wanneer hulle saam stout is. Hulle belewenis van dieselfde straf is ook verskillend.



# 262

**E**k het in 'n koesterende huis grootgeword met 'n pa wat vir my gewys het hoe Jesus se gesig lyk. Met 'n ma wat vir haar kinders haar lewe sou prysgee, en dit vandag nog sal doen. Dieselfde hande wat my voete op 'n wintersnag warm gevryf het, het my geraps wanneer ek 'n gevaar vir myself of ander was. So het die Here 'n belangrike waarheid op my hart geskryf: *Vaders weet beter.*

# 263



God is groter as die ruimtes  
wat ons ooit in kerke vir  
Hom sou kon skeep.

Selfs wanneer mense nie glo of  
verstaan nie, bly Hy God en is niks  
vir Hom onmoontlik nie.

God sal altyd uit ons bokse breek.  
As Hy net God kon wees waar  
ons Hom mooi omlyn, geraam en  
omarm het, sou dit met ons sleg  
gegaan het.

Ons moet ons arms van geloof om  
Hom slaan, wetend dat ons hande  
nooit bymekaar sal kom nie. Hy is  
groter as dit.

# 264

**G**od het eenkeer dié waarheid op my hart geskryf: *Ek laat nie my kinders alleen nie. Veral nie wanneer die lelikste dinge met hulle gebeur nie. Die wete dat Ek by hulle is, maak hulle geweldig sterk. Ek hou my beloftes, selfs al mag daardie beloftes soms vreemd op ander se ore val. Selfs kinders wat nog nie die Bybel self kan lees nie, kan My sien en my stem hoor. Ek wil praat. Luister!*



# 265

Ons kinders moet leer om "geluk, liewe maatjie" en "happy birthday to me" met ewe veel vreugde te sing. Dit is na my mening een van die sleutels tot die grootmaak van gelukkige, tevrede kinders – om hulle nie aan kunsmatige gelykheid gewoond te maak nie.



# 266

Groei is baie belangriker as gemak. Daarom moet daar soms tydelike onaangenaamheid tussen ons en ons kinders wees sodat hulle op die lang duur mooi karaktereienskappe kan kweek en in die proses ook lewenswysheid kan leer.

## 267

**D**ie waarheid wat die Here persoonlik in stukkende mense se lewe inspreek, maak hulle onmiddellik en volkome gesond. Die soeke na Jesus neem soms lank en die soeke na die waarheid ook, maar die genesing kom dan sommer vinnig.

Wanneer die Here genees, genees Hy só dat ons nie hoef te “cope” nie, maar waarlik in moeitevrye oorwinning kan staan. Net soos totale fisieke genesing moontlik is, kan selfs die ergste emosionele trauma geheel en al genees word.

# 268



Die Here het my en Louis in Desember 2008 gelei om doelbewus een aand per week opsy te sit om ons huwelik te versterk.

So het ons Maandag ná Maandag onwetend skatte opgegaar. Ons het een in gees geword op daardie Maandagaande, wat maak dat ons nou een uitkyk het op die Here se karakter.

Ons het ook een getuienis oor sy goedheid, een droom om sy koninkryk te bou en een belydenis: *Hy is altyd goed.*

# 269

**D**it is tyd dat gelowiges besluit waarvoor hulle staan. Die aarde en alles daarop moet vir Jesus se koninkryk opgeëis word. Ons moet gelowig vra, gelowig veg en die erfenis gelowig ontvang in die area waar ons reeds geplant is, soos die Israëliete elkeen die muur voor hulle eie huis herstel het – troffel in die een hand, swaard in die ander. Geen wonde wat ons in hierdie geveg opdoen, is fataal nie. Geen prys is te hoog nie. Die erfenis is ewig.



# 270

Stel grense,  
en hoe minder, hoe beter.  
Skep roetine sodat jy nie  
elke dag die kinders van voor  
af moet te smee om dinge  
te doen nie. Doen lekker  
dinge saam, want dan sal  
jou kinders altyd tuis voel  
in die gesin.

# 271

Wanneer ons kinders oortree, probeer ek doelbewus om hulle met selfbeheersing en waardigheid te dissiplineer. Ek is konsekwent. My reëls is duidelik en eenvoudig. Die kinders weet wat ek van hulle verwag. As hulle die reëls verontagsaam, word hulle vasgevat.



# 272

**E**k glo in 'n God wat groter is as my insig; daarom is Hy God. Ek weier om iemand te aanbid wat nie verder as ek kan sien, dieper as ek kan verstaan en meer kan doen as wat ek ooit kan droom of dink nie.

Dis my lewensuitkyk: Hierdie lewe is tydelik, God is ewig. Ons sogenaamde realiteit kan net vanuit God se perspektief regtig verstaan word. Ek kyk na my lewe in die lig van 'n hemelse werklikheid.

# 273



Ek bid dat hoop jou  
innerlike met 'n veerligte  
ketting aan vreugde sal  
anker.

Ek bid dat geloof jou sal oplik soos  
'n wenner op skouers terwyl jy  
onsinkbaar die toekoms binneseil.  
Ek bid dat liefde deur jou wese  
vervleg sal word totdat dit jou  
vorm.

En nou bly hoop, geloof en  
liefde ... en ons sal dit nodig hê.  
Ek kan eintlik maar die mooi  
woorde los en jou net Jesus  
toewens. Hy is dit alles. En ons  
sal Hom nodig hê.

# 274

**J**a's en nee's wat kort-kort van kleur verander, veroorsaak dieselfde gemors as verkeersligte wat op die verkeerde tyd groen of rooi word. Onthou, hulle “ruik” jou! Hulle weet wanneer jy ernstig is en wanneer jou “nee” onderhandelbaar is. Leer om ferm op te tree wanneer jy besluit op 'n toepaslike “nee” (sonder om te skree). Onthou, jy kan vir 'n kind 'n opsie of 'n opdrag gee. Jy moet vooraf besluit watter een in elke situasie gepas is. Dink voor jy praat!



# 275

Wanneer ek soos 'n kwaai ma voel, gaan drink ek koffie saam met vriendinne en praat my hart uit. Ons is soms te naby aan ons eie kinders, en wanneer ons verknoop raak, moet ons iemand hê om ons aan ons beginsels te herinner.

# 276

Die vyand probeer kort-kort strepe deur ons roeping trek. Maar ons is en bly geroep. Daarom neem God die pen af waarmee Satan ons storielyn probeer kaap. God is die Outeur van ons lewe. As Hy skryf, kan niemand dit uitvee nie.



# 277

**K**inders speel nie genoeg buite nie, hulle hanteer nie swaar, nat, vuil of grillerige goed nie, hulle klim nie bome en rotse uit nie. Hulle stoei nie genoeg nie. Al hierdie leemtes in hulle sensoriese ervarings affekteer hulle gedrag. 'n Stampery aan ander, 'n gevroetel en gewip in die klas, pap verlepte hanglyfies wat nie kan skryf en konsentreer nie, kan alles soms toegeskryf word aan 'n “ongelukkige” sensoriese “binnewêreld”. Die kind se lyf kan sy grootste vyand wees.

# 278



Baie ouers dink kinders se gedrag het net een doel: om ons aandag te trek.

As dit waar was, sou dit fantasties werk om aandag te gee vir gewenste gedrag, en dit te weerhou by wangedrag. Dit werk egter nie altyd nie.

Is dit regtig jou kind se enigste motief?

Daar is talle ander redes waarom kinders in woede uitbars, maatjies afknou of weier om die televisie af te skakel. Wangedrag is dalk eerder 'n teken dat jy as ouer betrokke moet raak.



**S**traf is 'n bietjie soos 'n trompet wat net een noot kan speel. Dit raas. Dit maak nie musiek nie. Straf skrik af, maar kan nooit onderrig nie. Geen straf kan 'n vergeetagtige kind help onthou of 'n kind wat naels kou, leer hoe om spanning beter te hanteer nie. Die vraag is dus nie: “Hoe moet ek straf sodat jy dit nooit weer sal doen nie?” maar eerder: “Wat moet ek jou laat inoefen sodat jy beter gedrag onder die knie het?”



**280** Omdat God  
alles weet en ons liefhet,  
berei Hy ons voor vir dit wat kom.  
Net so het Jesus sy dissipels  
voorberei op sy dood, en so  
berei Hy ons ook deur sy  
Woord en die Heilige Gees v  
oor op sy wederkoms.

# 281

Alles wat na my toe kom, kom deur die kruis van Jesus. Alles is gefilter deur sy genade. Alles is betaal.

Jesus se werk aan die kruis was nie 'n poging om sonde, skuld, skande en seer effens te verlig nie – dit is volbring!



# 282

**D**ie doel van dissipline is om jou kind te leer wat die regte gedrag in elke situasie is. Dit is nie om hom te leer hoe om in elke situasie te doen wat hom bly maak nie.

Kinders mag kwaad, hartseer, teleurgesteld en ongeduldig op jou dissipline reageer, want hulle is kinders. Hulle het nie jou wysheid en perspektief nie. Hulle weet nie regtig wat goed is vir hulle nie. Luister daarom geduldig na die teenstand en toon begrip vir die tranes.

# 283



My driejarige het my eenkeer gevra waarom ek 'n ring dra.

My verduideliking dat dit bewys ek en haar pappa is getroud, was genoeg vir haar. Sy het daarna toe ewe trots aangekondig: “Ek gaan met my oupa van Leeupoort trou!”

Oupa is natuurlik dadelik gebel en ek het my verbeel ek kon sy bors aan die ander kant van die foon HOOR swel! Dit is presies wat oupas en oumas vir hulle kleinkinders moet wees – hulle gunsteling!

# 284

**H**oe gemak as Ouma en Oupa besluit om hulle rol so te speel dat dit jou huis onregeerbaar maak of jou gesag direk ondermyn? Die Bybel sê wel jy moet jou ouers eer, maar dit beteken nie jy moet jou lewe lank gehoorsaam aan hulle bly selfs al is hulle verkeerd nie.

As jou ouers nie met jou ouerskapstyl saamstem nie, mag jy nie toegee nie. Julle moenie julle ouers by julle huwelik en gesin insleep nie. 'n Nuwe gesinnetjie met nuwe grense is gebore!



# 285

Om met God te verbind, moet ons ons losmaak van iets, of selfs iemand. Watter geraas moet jy "afskakel" om jou Vader se stem te hoor? Ek het besef dit is Facebook op my foon. DELETE. Nou is dit stiller.

# 286

Kinders

sal seek totdat hulle jou  
sagte plekkie gekry het.  
Hulle weet baie goed waar die  
uitsondering op die reël geld.  
Jou standvastigheid is belangriker  
as die saak op die tafel,  
want hier gaan dit oor gesag.



# 287

**W**anneer Ouma en Oupa wil weet wat hulle wel  
mag doen, vra hulle asseblief om stories te vertel,  
wysheid met jou kinders te deel, drukkies te gee,  
foto's van die kleinkinders te versamel, mooi dinge  
oor jou vir hulle te vertel en so die brug tussen  
ouer en kind eerder te versterk as te beskadig.  
As hulle oor dissipline van jou verskil, mag hulle  
sonder die kinders met jou daaroor praat, maar die  
finale besluit bly joune.

# 288



As jy vir Ouma en Oupa as gratis oppassers gebruik of van hulle verwag om jou kinders namens jou groot te maak omdat jy dit so verkies, moet jy vrede maak daarmee dat jy hulle 'n groter rol gegee het en daarmee saam meer gesag.

Hulle “inmenging” is dan outomaties hulle reg. Dit is belangrik dat julle gereeld saam om 'n tafel bespreek wat julle gesamentlike dissiplineplan is. Dis nie wys om te wag vir die konflik nie.

**O**ns lees oor eetgewoontes, vitamieene, die regte stimulasie en 'n legio ander dinge waarvan ons ouers nie eers geweet het nie. Maar kry ons kinders deesdae nog die regte “kos” vir hulle gees? Hoeveel kinders kan nog speel net sommer vir speel? Hoeveel van ons kniel nog saam met ons kinders en luister hoe hulle sonder voorgee met die Here praat? Dis ons verantwoordelikheid om ons kinders geestelik te voed. Baiemaal is hulle nare streke net tekens dat daar kunsmis kort!



# 290

Dissipline

is nooit lekker nie –  
 nie vir jou of jou kinders nie.  
 Jy moet egter nooit toelaat  
 dat daardie geweeklaag  
 meebring dat jy teen jou  
 beterswete die grense  
 verskuif nie. Hou by jou reëls.

# 291

My kind kan nie vir altyd doen wat my plesier nie, want dit maak my 'n emosionele manipuleerder. My kind moet leer om te doen wat reg is. Daarom korrigeer ons ons kinders reguit maar respekvol, sonder emosionele ondertone.



# 292

**W**at gemaak as ek en my kind se juffrou nie dieselfde taal praat nie? Elke ouer ken sy kind die beste, maar selfs die beste neurochirurg benodig 'n goeie span wanneer hy 'n breinoperasie doen.

Ons moet in 'n span saam met ons kinders se onderwysers werk. Ons doel? Om ons kinders te help om hulle potensiaal te verweselik, soos God dit aan hulle gegee het. Dit is belangrik om te onthou dat 'n juffrou, in liefde, anders op kinders ingestel is as ouers.



# 293



Jou palmboomkind hou van plesier, pret en partytjie en kan maklik vou onder groepsdruk.

As dit lyk soos pret, hoekom nie? Onthou, jou kind hou van eksperimenteer en waag, en ons as ouers het 'n rol om te speel. Jou palmboomkind kan ook maklik ander beïnvloed om saam met hom stoutighede aan te vang.

Dis tog net vir die pret. Hulle besef nie altyd die erns van hulle dade nie. Maak daarom seker hulle verstaan die implikasies van hul keuses.

# 294

**J**ou roosboomkind gaan nie so maklik vou onder groepsdruk nie. Kinders met hierdie temperament weet hoe om nee te sê. Tog kan sulke kinders óf goeie leiers wees óf “gang leaders”.

Jou roosboom kan dalk die een wees wat ’n ander boelie. Maak seker hierdie kind is nie die leier van die groep wat ander afknou nie, maar die leier wat ’n goeie voorbeeld stel. Praat met jou kind oor die positiewe rol wat hy in ’n groep kan speel.



# 295

Kinders  
volg ons voorbeeld.

Eet gesond en bly weg van praatjies oor dieet en negatiewe aanmerkings oor kos. Maak seker hulle sien dat jy water drink, vrugte eet en nie daardie tweede stuk kaaskoek verorber nie.

# 296

Ons het vorming net so nodig soos ons kinders. Moenie vra wat jy vir jou kind moet doen nie, maar wat jy vir hom moet wees. Die sleutel tot goeie oerskap lê in ons wese; in ons liefde, vergifnis, geduld en toewyding.

## 297

**K**inders met 'n sierboom-temperament sal minder geneig wees om onder groepsdruk te vou. Hierdie kinders is dikwels eerder introverte en het 'n persoonlikheid wat nie maklik net navolg nie. Tog kan hulle baie maklik verstote voel. Daarom wil hulle graag deel wees van die groep om nie “uit” te voel nie.

Maak seker jou kind ken en verstaan haar emosies en weet hoekom sy sal wil navolg of nie. Leer haar dat sy nie haar eiewaarde aan ander se opinies moet meet nie.

# 298



Dennebome is dikwels  
“people pleasers”.

Kinders met hierdie temperament  
sal buig onder druk bloot omdat  
hulle nie wil aanstoot gee nie.  
Hulle weet ook nie altyd hoe om  
nee te sê nie.

Daarom moet jy as ouer jou  
denneboom help om ’n standpunt  
in te neem sonder dat hulle voel  
hulle kom ’n ander te na.

Jou denneboom sal nie sommer ’n  
groep negatief lei nie, maar eerder  
’n groep toe-oë navolg.

# 299

**G**roepsdruk kan 'n groot probleem vir kinders wees, veral as hulle die tienerjare bereik. Hulle wil deel van 'n groep wees en “in” voel; daarom sal kinders dikwels dinge doen wat hulle nie uit hulle eie sou doen nie.

Praat vroegtydig met jou kinders oor wat reg en verkeerd is, oor goeie maats, dwelms, seks. Hoor wat hulle opinie daaroor is en gesels met hulle oor die gevolge wat sekere keuses kan hê. So is jou kind voorbereid indien hierdie situasies opduik.



# 300

Die eise wat vandag aan ons as ouers gestel word, is soveel anders dat ons eenvoudig ons benadering moet aanpas. Ons moet 'n baie groter aktiewe rol speel. Ons moet meer betrokke by en waaksaam oor ons kinders wees.

# 301

Sal jy  
jouself en jou kinders toelaat  
om voor te begin? Die Here  
staan vir seker gereed om  
jou deur sy Gees by  
te staan. Aanvaar sy hulp  
en gryp die geleentheid  
van tweede kanse aan.



## 302

**K**undiges sê kinders reageer beter wanneer daar kalm met hulle gepraat word. Tog vind baie ouers hulle kinders reageer net as hulle teen 'n volume van 100 desibel skree. Waarom is dit so?

Kinders (en sommige grootmense!) is geneig om te kyk hoe ver hulle kan gaan en hoe lank hulle gehoorsaamheid kan uitstel. Ons betaal mos ons belasting kort voor die uitsteldatum. Kinders gehoorsaam ons kort voordat ons ontplof. Dit is menslik.

# 303



## Kinders glo aan die Desibel Reël.

As jy gereeld skree, maak hulle ’n nota: “Begin eers luister wanneer sy klip hard skree. Dit is die weerligdrumpel. Enigiets sagter as dit, is net donderweer. Ignoreer.”

Jy kan hierdie drumpel slegs verlaag deur op ’n sagter volume die “weerlig” na vore te bring. Sê vir jou kinders jy gaan van nou af nie meer skree nie. Gee ’n opdrag net een keer, en as hulle dit nie dadelik uitvoer nie, moet hulle die gevolge dra. Sorg dan dat jy dit doen.

# 304

**G**ebruik gebare en dade sodat jy jousef nie  
hoef te herhaal nie. Gestel jou kinders het nie die  
opdrag uitgevoer om op te ruim nie. Moet dit nie  
herhaal nie.

Gaan haal hulle, wys na die gemors en sê wat die  
gevolg van hulle ongehoorsaamheid is. Moet nooit  
vanuit 'n ander vertrek skree nie. Moenie met  
'n iPod of TV kompeteer nie; sit dit af. Jy kan 'n  
rustige huis sonder donderstorms hê solank jy die  
volume bepaal.



# 305

Temperament  
speel 'n baie groter rol in  
die dinamiek van oerskap as  
wat ons besef. As jy jou eie  
en jou kinders se temperament  
verstaan, sal dit baie van die  
"mis" uit die misterie van  
oerskap laat verdwyn.



# 306

Dit is belangrik om te weet wat jou kinders se temperament is, want daarin is leidrade oor hulle skeppingsdoel opgesluit. Ons kan ons kinders net in die regte lewensrigting neem as ons weet wat hulle natuurlike, aangebore koers is.



# 307

**W**aarom is kos 'n stryd in talle huise? Waarom voel talle ouers verplig om hulle kinders te dwing om te eet wat hulle nie wil eet nie? Ek het 'n teorie dat beide ouers en kinders na eet as 'n oefening in gehoorsaamheid kyk. Dit is nie wat etenstye is nie. Dit hoef nie altyd oor botsende begeertes te gaan nie.

Etenstyd is 'n tyd van saamwees, 'n voorreg om mekaar se geselskap te geniet en 'n geleentheid om ons liggame te voed.

# 308



Wanneer kinders weier om sekere soorte kos te eet, beskou ons dit dikwels as ongehoorsaamheid.

Onthou, 'n kind sal nie doodgaan as hy een of selfs twee etes oorslaan nie. Die fout wat ons maak, is om hulle dan te probeer dwing – en so begin die gevegte oor kos.

Ons moet hierdie spel anders benader en ons kinders eerder goeie eetgewoontes leer, en natuurlik te veel lekkers uitskakel. Dan kan etenstye van 'n geveg in 'n fees verander.

# 309

**D**reigemente en straf sal nooit vir kinders gesonde eetgewoontes leer nie. Daarom is ek oortuig dat ouers die hele kosfiasko moet heroorweeg. Dit is natuurlik ons verantwoordelikheid om vir ons kinders gesonde kos te gee, maar ons mooi kyk na die metodes wat ons gebruik om hierdie doel te bereik. Kinders leer baie makliker deur die voorbeeld wat ons stel. Gebruik dit tot jou voordeel en oortuig hulle liever om te eet soos jy eet. Sorg dan dat jou voorbeeld gesond is.



# 310

Ons hoef nie ons kinders te oortuig van ons regverdigheid wanneer ons hulle dissiplineer nie. Ons moet oortuig wees dat ons gedoen het wat die situasie vereis, en dit op die manier gedoen het wat vir elke kind die beste is.

# 311

Ek is nie altyd aan my kinders verduidelikings verskuldig nie en ek tree beslis nie altyd op volgens hulle sin vir regverdigheid nie. Ek is wel dit aan hulle verskuldig om in liefde die beste te doen wat ek kan.



# 312

**K**inders hou van speletjies en uitdagings – gebruik dit tot jou voordeel. Ek het altyd met my kinders Survivor gespeel. Ek sou drie of vier groentes neersit en hulle aan ’n proekompetisie laat deelneem. Die een wat die meeste groente eet, wen ’n prys. In die proses het my kinders geleer om sampioene, murgpampoene, soetrissies en klein ertjies te eet waaraan hulle nooit voorheen die mond wou sit nie. Hulle probeer ook makliker nuwe soorte kos as hulle hoor net “groot kinders” eet dit.

# 313



Kinders hou nie daarvan om dinge te doen as hulle nie die doel verstaan nie.

Verduidelik hoe kos van verskillende kleure verskillende soorte voedingswaarde het. Ons moet wit kos (brood, pasta) eet vir energie. Groen kos bevat vir sekere vitamienene en minerale en oranje kos weer ander vitamienene en minerale.

Bruin kos (vleis) is nodig om sterk spiere te bou. Onthou ook om hulle te prys wanneer hulle iets gesonds eet waarvan hulle nie regtig hou nie.

# 314

**W**anneer ons te streng is, word kinders opstandig en tree agteraf op. Kinders wat nie mag televisie kyk nie, gaan kyk by 'n maat se huis. Net so sal kinders wat nie lekkegoed kry nie, 'n manier soek om dit in die geheim te eet, of hulle kom by 'n kinderpartytjie en gaan heeltemal oorboord.

As jy sien dat jou kinders angstig of oneerlik optree rakende kos, is die kans goed dat hulle probleme rondom kos ontwikkel omdat daar te veel streng reëls is.



# 315

Jy mag jou kinders verskillend hanteer. Trouens, jy moet dit doen om aan elkeen te gee wat hy of sy die nodigste het. Dit geld natuurlik nie net wanneer jy straf nie, maar ook wanneer jy liefde gee.

# 316

Gesag is skaarser as hoendertande, want respek is uit die mode! Ouers en onderwysers se algemeenste kreet is dat hulle geen gesag het nie. Die grondwet, kwaai kinders en selfs godsdiens het hulle daarvan gestroop. Of so voel dit. Dit laat ouers magteloos.




# 317

**K**inders is bang vir die onbekende. Die eerste keer toe ek 'n artisjok gesien het, het dit soos 'n seemonster gelyk. Maak daarom 'n reël dat jou kinders nie alles op hulle bord hoef te eet nie, maar hulle moet dit verdra. Niemand mag “jig” sê of dit van hulle bord verwyder nie.

Die hoop is dat hulle eendag op 'n honger en onbewaakte oomblik daardie stukkie komkommer sal probeer. Dan ontdek hulle dikwels dit byt nie terug nie.

# 318



Party kinders is sensitief vir die tekstuur, temperatuur en skerp smaak van sekere kossoorte.

Hulle vermy gemengde teksture soos kapokaartappels en maalvleis, of rys en groente. Party eet net kos teen kamertemperatuur en ander wil dit effens warmer hê. Party is sensitief vir suur smake en vermy daarom vrugte.

Sulke kinders hou dikwels ook nie van skoene, gras onder hulle voete of sekere oppervlaktes nie. In so geval sal 'n spraak- en/of arbeidsterapeut jou kan help.



# 319

**D**it is 'n mite dat kinders weet wat hulle lyfies nodig het. Bloedsuikervlakke kan vir jou sê jy het roomys nodig wanneer jy slegs 'n halfuur tevore soetgoed geëet het.

Wanneer jou liggaam energie nodig het, gaan dit altyd eerste vir dít wat vinnig bekombaar en smaaklik is. Dan kwalifiseer vis en groente glad nie. Het jy al ooit 'n kind by die kombuis sien insluip om 'n selderystokkie te gaps? Tog is dit presies wat party kinderlyfies nodig het.



# 320

TV kan 'n uiters negatiewe invloed op jou kinders hê as jy nie beheer neem nie. DStv het mos die opsie vir "parental control" met kodewoorde en al. Dit is jou verantwoordelikheid om hulle kykgewoontes te bestuur. Gebruik dit!

# 321

Ouers se taak is om kinders van die slegte na die goeie te begelei omdat dit nie die maklikste pad is nie. Dit verg dissipline, wat aanmoediging, onderrig, modellering, waarskuwing en beloning, maar ook soms straf moet insluit.



# 322

**D**ie invloed van suiker is soos 'n hamster op steroïede. Dit lyk klein, maar rig groot skade aan! Suiker veroorsaak moegheid, bederf die eetlus die een oomblik net om dit die volgende oomblik te laat verdubbel.

Kinders wie se lyfies suiker nie goed hanteer nie, word voltydse knibbelaars wat nooit honger is met etenstyd nie. Gee vir jou kinders lae GI-happies in die middel van die oggend en middag. Dit sal hulle bloedsuikervlakke langer konstant hou.

# 323



Skryf neer waarvan jou moeilike etertjie nie hou nie.

Sit nou jou speurdershoed op en soek die skurk. Watter van dié kos bevat bekende allergene, soos suiwel, sitrus, soja of koring? Watter hiervan het 'n vreemde tekstuur wat jou kind dalk irriteer? Is al die kos warm of koud?

Kyk ook waarvan sy nie genoeg kan kry nie. Jy sal jouself baie moeite spaar deur meer te gee waarvan jou kind hou. Hulle hoef nie alles te eet nie.

# 324

**G**ee jou kinders die geleentheid om saam te besluit wat hulle wil eet – solank dit kos is en nie lekkers nie. Vat hulle saam winkel toe om kruideniersware te koop. Laat hulle 'n vrug en 'n groente vir die dag kies (hulle behoort 'n paar porsies per dag te eet, maar jy moet iewers begin!). Gee hulle die kans om jou te help met die voorbereiding van kos. Sodanige deelname maak hulle dikwels gretiger om hulle kos te eet.



# 325

Elkeen se styl gaan op grond van ons persoonlikheid verskil, met inherente swakhede en pluspunte, maar dit sal nie die effektiwiteit van ons gesag bepaal nie. Deur die regte gesagstyl vir jou persoonlikheid te volg, kan jy gesonde gesag aanleer.

# 326

Ek twyfel of ons ooit ons waardes, gesindhede of gedrag suksesvol op ons kinders kan afdwing – beslis nie deur dreigemente, skuldgevoel of straf nie. Maar ek glo dit kan ingeprent word deur verhoudings waarin die ouers en kinders saam groei.



# 327

**M**aak reëls en vestig tradisies wat etenstyd as spesiale gesinsgeleentheid beskerm. Probeer om nie gedurende die week voor die TV te eet nie, maar maak dit oor naweke 'n spesiale *treat*.

Navorsing het bewys dat kinders uit gesinne wat drie of meer aande per week saam eet, merkbare intellektuele en emosionele ontwikkelingsvoordele het bo dié wat nie as gesin saam eet nie. Dit is beslis die moeite werd om te probeer om jou gesin saam om 'n tafel te kry.

# 328



Beplan jou kinders se etes so goed jy kan.

As jy weet hulle gaan by die huis wees, sorg dat daar gesonde peuselgoed is.

Pak liever vir skool 'n lekker in wat jy self gekoop het as om snoepiegeld te gee waarmee hulle éniets kan koop. Leer hulle dat eet 'n guns is wat jy vir jou lyf doen, eerder as 'n guns wat jy vir jou ma doen.

Dit gaan hier oor verantwoordelike keuses, nie oor gehoorsaamheid nie.

# 329

**H**oe kan ek innig liefhê? Hoe gou kan ek vergewe? Hoe geduldig kan ek wees? Hoe maklik kan ek jammer sê? Wat is ek bereid om van myself te gee? Ek glo vas dat net gebuigde ou bome jong boompies kan buig.

As ons self verstok en hardkoppig is, kan ons kwalik ons jong boompies hanteer sonder dat hulle en ons takke gaan kraak. Voordat ons van ons kinders goeie gedrag verwag, gee ons vir hulle die beste van onself.



# 330

Het jy al na kinders in 'n boomhuis gekyk? Daar is hulle baas met hulle eie reëls: *Seuns: gratis. Meisies: R2. Geen grootmense.* Ons almal het 'n "boomhuismentaliteit". Daar is tye wanneer en plekke waar ons nie gesag verwelkom nie.

# 331

Kinders se ongehoorsaamheid moet gestraf word, en dit is juis hier waar hulle wil gebreek kan word. Dit gebeur wanneer die straf wreed, onregverdig, oordadig of vernederend is. Dink mooi en kies 'n manier van straf wat by die oortreding pas.



# 332

**O**ns as ouers moet kan toelaat dat die Groot Tuinier ons snoei terwyl ons ons eie saailinge snoei. Ons moet toelaat dat Hy ons buig terwyl ons ons jong boompies buig. Dan sal die dissipelskapproses van ouerskap vir ons 'n realiteit word. Dan volg ons en ons kinders saam die voorbeeld van Christus na. Ons hoef nie altyd die regte ding te doen nie, maar ons moet daarna streef om die regte ingesteldheid te hê.



# 333



Jy gaan jouself moeg maak as jy die perfekte ouer probeer wees – en in die proses jou kinders boonop onder te veel druk plaas.

Ons moet eerder 'n lewe leef wat vertel van val, gebrokenheid en vergifnis, van vordering en vrug as om onself te probeer voordoën as die volmaakte voorbeeld.

Ons leer ons kinders daardeur hoe hulle ook kan val en opstaan. Ons beste voorbeeld vir ons kinders is daarom een van opregte Jesusnavolging.

# 334

**D**ie meeste ouers voel soms dat hulle misluk, en dit as gevolg van een of meer insidente van konflik met hulle kinders. Dit beteken gewoonlik iemand is skuldig, iemand is spyt, iemand is hartseer of iemand is eensaam. Al hierdie emosies laat die probleem dikwels groter voel as wat dit in werklikheid is. Ons het regtig perspektief nodig – iets waarvoor ons moet bid voordat ons die klip uit die pad begin rol.



# 335

Die kenmerk van gesinne waarin daar te veel onderdrukkende beheer is, is vrees en onsekerheid. Wanneer ons dié pad volg, sal ons met senuweeagtige kinders vol vrees sit. Om beheer uit te oefen moet nooit ons hoofdoel met gesag wees nie.

# 336

Tieners sê hulle sê deur die verhouding tot op breekpunt te dryf. Indien jou tiener wil sê dat hy volwasse genoeg is om sy eie keuses te maak, het jy die volste reg om te verwag dat hy soos 'n volwassene moet optree.



# 337

**O**ns kinders kan kies om “ja” of “nee” op ons ouerskap te antwoord. Daarom hoef ons nie soos mislukkings te voel wanneer ons kinders 'n ander pad kies nie. Natuurlik gaan dit ons baie seermaak, en natuurlik is dit 'n teleurstelling, maar selfs die Vader van alle vaders moes deur die eeue tot vandag toe vrede maak met kinders wat “nee” antwoord.

# 338



Dit is belangrik dat ons as ouers moet leer om ons kinders vir verkeerde optrede te vergewe.

Ons moet leer om elke dag van voor af en met geduld te begin. Ons ouerliefde moet altyd en oral triomfeer oor ons kinders se verkeerde gedrag.

Die bitterheid oor die verlede kan ons vernietig. As ons ons werklik los maak van die verlede en van ons kinders se foute, is daar hoop en 'n nuwe visie vir ons.

# 339

**M**aak vrede met jou snoeiskêr, tuinvurk en gieter, want jy gaan nooit jou kinderkwekery laat vaar nie. Net soos aftrede nie in die Bybel genoem word nie, is daar geen teken dat ons roeping as ouers ooit afgehandel is nie. Eli is al oud en sy seuns volwasse wanneer die Here hom kom aanspreek oor sy kinders se gedrag. Kyk ook maar na die Here se Vaderskap in jou eie lewe, dan weet jy daar mag geen einde aan jou ouerskap wees nie.



# 340

Ons kan ons gesag verloor deur 'n kind seer te maak. Respek en verwyf meng nie lekker nie; daarom tree 'n seergemaakte kind dikwels verkeerd op. Haar pyn maak dit vir haar onmoontlik om in die hitte van die oomblik beleefd te wees.

# 341

Wanneer ons as ouers in ons woorde of in ons optrede laat blyk dat ons altyd ontevrede is met ons kinders, raak hulle mismoedig. Dit is dan vir hulle makliker om op te gee as om te probeer.



# 342

**P** salm 127:3-5 herinner ons dat kinders 'n kosbare geskenk is, 'n bron van vreugde in ons huis en 'n versekeringspolis vir ons toekoms. Die psalm gebruik verder die beeld van 'n huis wat met of sonder die Here gebou kan word. Wees daarom versigtig met die manier waarop jy swoeg om jou “huis” te bou sodat dit nie die vreugde van ouerskap van jou wegneem nie. Moenie dat jou versuim om voluit ouer te wees jou “huis” laat intuïmel nie.

# 343



Wanneer ons nie ons kind se temperament verstaan nie, is dit baie moeilik om te weet hoe om dissipline te benader.

In ons kind se temperament is leidrade ingeskryf oor hoeveel, wanneer en hoe daardie boompie gebuig moet word.

As ek byvoorbeeld leer dat my kind se temperament haar besonder vatbaar maak vir kritiek, gaan ek weet om nie van kritiese prekery gebruik te maak nie. Dit kan eerder so 'n boompie knak.

# 344

**O**ns hou dalk nie van die rigting waarin ons kind beweeg nie, maar dit is nie ons taak as ouers om daardie rigting namens ons kind te kies nie. Ons eie verwysingsraamwerk kan ons heeltemal blind maak vir die waarde van ons kind se lewensdoel, veral wanneer dit baie van ons eie verskil.

Elkeen van jou kinders gaan 'n unieke karakter hê volgens hierdie lewensdoel. Dit is wat ons as ouers moet help kweek.



# 345

Liefde is die beginpunt, die fondasie en die hoogste vereiste vir gesag. In dié sin is ons liefde vir ons kinders regtig die begin en die einde van ons gesag. Ons kan nie gesag hê sonder liefde nie.



# 346

Waak

daar teen om die hele tyd  
verskonings te maak vir jou gesag.

Jy hoef net om verskoning  
te vra vir liefdelose optrede.

Jy hoef nie vergifnis te vra  
as jy met goeie rede straf  
of foute sagkens uitwys nie.



# 347

**O**ns kinders verloor hulle koers in die lewe  
wanneer ons die rigtingwysers ignoreer wat van  
geboorte af by hulle ingeplant is. So verloor hulle  
dikwels ook hulle identiteit, lewenslus, geloof in  
die sin van die lewe en al hulle lewensvreugde. Dit  
is meestal kinders wat gebuig is om iets anders te  
wees as wat hulle gebore is om te wees. Hulle weet  
dikwels nie waarheen hulle op pad is of wat hulle  
wil of moes wees nie.

# 348



Elkeen van ons moet ons swak punte na die kruis bring sodat Jesus se karakter in ons meer kan word.

Wanneer ons soveel moontlik sterk punte uit ander mense se temperamente by ons eie probeer aanplak, maak dit ons moeg en breek ons moed. Dit is onnodig wanneer ons glo dat die Here in ons elkeen die unieke potensiaal vir vervulling van ons skeppingsdoel geplaas het. Hy verander ons deur sy Gees deur ons lewenspaadjie met die regte vormingsgeleenthede op te kikker.

# 349

**O**ns kan nie verwag dat ons kinders dieselfde temperament as ons gaan hê nie. Ons kan ook nie na die verskillende temperamente kyk, besluit van watter een ons die meeste hou en ons kind dan in daardie rigting probeer dwing en buig nie. Dit sal op 'n groot ramp uitloop. Ons moet net toesien dat daardie unieke aangebore temperament uiting vind in opregte karakter – in onself en in ons jong boompies!



# 350

As ouers het ons die reg om aksie te verwag wanneer ons praat. Hierdie reg word weggegooi wanneer ons drie en vier maal praat, al harder praat en bang is om te praat as ons weet ons kind gaan sleg reageer.

# 351

Jesus se manier van praat het sy gesag beklemtoon, want Hy het met oortuiging gepraat. As ons oortuig is van ons posisie as hoogste gesag in ons kinders se lewe, sal ons ook makliker met die nodige gesag praat.



## 352

**H**oe lyk die lewe waarvoor ons ons kinders voorberei? Dit is mos 'n wêreld waarin werknemers nie almal gelyktydig bonusse of bevordering kry nie. Dit is 'n wêreld waar kompetisies net een wenner en baie verloorders het. Wanneer jou buurvrou se ryk man vir haar 'n nuwe kar koop, gee hy mos nie vir jou 'n tweedehandse skedonkie as troosprys nie. Dit is die lewe waarvoor ons ons kinders moet voorberei – 'n lewe waar gelykheid maar 'n klein rolletjie speel.

# 353



Ons behoort ons redes te gee, maar dis onnodig om ons kind te probeer oortuig om saam te stem.

Ons hoef nie te voel dat hulle altyd hoef te verstaan nie, want hulle kan nie met hulle beperkte ervaring van die lewe dieselfde perspektief as ons hê nie. Kinders het nie die volwassenheid of insig daarvoor nie.

Ons kan juis hulle aanklag van onregverdigheid beantwoord met hierdie baie waar woorde: “Ek sou ook so gedink het as ek so oud soos jy was.”

# 354

**O**ns verdraagsaamheid jeens postmoderne ouerskapperspektiewe, waarvolgens gesag uit die mode is, het 'n skadelike uitwerking op kinders. Hulle beleef ons onsekerheid om ouerlike gesag toe te eien en dit sterk hulle in hulle kwaad. Ek dink ouers is verward omdat baie van die “goeie raad” uit verdagte bronne kom wat nie 'n Bybelse lewensuitkyk handhaaf nie. Ons gooi dié raad in dieselfde pot waarin ons Christelike ouerskapbeginsels van ons eie kinderdag af prut, en dan eindig ons met 'n vergiftigde brousel.



# 355

Ons kan geen gesag uitoefen sonder om te aanvaar dat die Here die reg het om ons daarvoor aan te spreek of van ons 'n antwoord oor ons ouerskap te eis nie. In ons ouerskap is ons onder die gesag van God.

# 356

Ouers is die mense aan wie die Here 'n kind toevertrou. Ons is vir dissipline verantwoordelik, ja, maar ook vir die versorging van ons kinders. Ons sal nie net aangespreek word as ons hulle swak dissipleneer nie, maar ook as ons hulle swak versorg.



# 357

Ouers luister graag na kundiges met kwalifikasies agter hulle naam eerder as om mense met 'n reputasie vir wysheid hoog aan te skryf. Daarom kan ons eintlik sê dit is ons eie skuld wanneer ons nie die Woord van die Here oor gesag en ouerskap raadpleeg nie, maar ons deur die kultuur aan die neus laat rondlei. Dan wonder ons waarom ons ouerskap vol gate is. Dit is tyd om terug te keer na die Woord en God se gesag.

# 358



Natuurlik is daar iets soos 'n gesonde vrees vir gesag en vir die gevolge wat verwerping van gesag kan inhou.

Selfs al dreig ons ons kinders met die dood as hulle iets sou doen, sal dit geen effek op hulle hê nie tensy hulle ons glo.

Kom ons wees eerlik. Kinders skrik nie wanneer jy dreig dat jy hulle met biltonghake in die garage gaan ophang totdat hulle winddroog is nie, want hulle vertrou jou liefde vir hulle.



# 359

**S**oos tuiniers kry ouers ook met “boompies” te doen wat nie boontoe wil groei nie, maar soontoe; nie hiernatoe wil rank nie, maar daarnatoe.

Eiesinnigheid maak dat ons bots. Tog kon ek nie een Bybelvers kry waarin die Here aan ouers die opdrag gee om kinders gehoorsaam te maak nie. Ons moet hulle leer wat reg en verkeerd is en seker maak dat hulle die gevolge van hulle regte en verkeerde optrede dra.



# 360

Ons het die mag om ons gesin veilig te laat voel en ons huis met vreugde te vul. 'n Gesin moet vir 'n kind 'n veilige hawe wees. Wanneer die kind tuis gelukkig voel, word dit makliker om gesag te aanvaar.

# 361

Sê saam met Josua dat jy en jou huis die Here gaan dien. Julle gaan konflik toelaat en selfs veroorsaak wanneer verkeerde dinge gebeur, maar dit sal altyd 'n veilige, liefdevolle plek wees. Julle gaan ook genade uitleef teenoor mekaar.



# 362

**D**ie jong kind se wil is soos 'n wilde loot en moet aanvanklik reggebuig, gestut en vasgebind word (nie gebreek word nie!) sodat daar later met minder fisieke beheer samewerking tussen ouer en kind kan wees. Christenouers moet wel hulle kinders leer om hulle aan gesag te onderwerp met die uiteindelijke doel dat die kinders vir die res van hulle lewe die gesag van die Here sal aanvaar. Ons doen dit veral deur ons eie voorbeeld van onderwerping aan ons Vader se gesag.

# 363



Wanneer ons van kleins af van ons kinders verwag om dinge te doen wat hulle nie wíl doen nie, word hulle wil “soepel”.

Klein kindertjies wíl ons liefde en goedkeuring wen; daarom doen hulle met ’n baie mooier gesindheid werkies in die huis. Hulle kan natuurlik baie kwaai wees wanneer ons hulle teëgaan, maar as ons hulle prys vir hulle samewerking en wys dat hulle gehoorsaamheid belonings inhou soos ons glimlag, ’n drukkies en ’n rustige atmosfeer in die huis, wíl hulle later saamwerk.

# 364


**G**esag is onafdwingbaar. Dit erken en laat ruimte vir die ander persoon se wil. Ware gesag kan nooit iemand onderwerp nie. Mense onderwerp hulleself aan gesag, of nie. Sodra gesag egter gebruik word om ander mense te beheer, gaan dit oor vergrype, magsmisbruik, mishandeling en geweld. Wanneer ons as ouers gesag aanbied as die veilige skuilplek en wyse rigtingwyser wat dit bedoel is om te wees, is onderwerping daaraan dikwels vir kinders 'n natuurlike en blye reaksie.




# 365

Laat ons gehoorsaam wees aan die opdrag om passievol vir ons kinders in te tree. Ons moet vurig vir ons kinders bid en die lewende woorde van die Here in hulle lewe inbou. Niemand anders sal dit doen nie.


# Ook beskikbaar




## **365 WYSHEDE** *uit die pen van* **ANDRIES ENSLIN**



Kliek en koop op  
[voelgoedwinkel.co.za](http://voelgoedwinkel.co.za)




## **365 WYSHEDE** *uit die pen van* **GRETHA WIID**




Kliek en koop op  
[voelgoedwinkel.co.za](http://voelgoedwinkel.co.za)




**365 WYSHEDE**  
*uit die pen van*  
**NINA SMIT**




*Kliek en koop op*  
[voelgoedwinkel.co.za](http://voelgoedwinkel.co.za)




**365 WYSHEDE**  
*uit die pen van*  
**ISAK BURGER**



*Kliek en koop op*  
[voelgoedwinkel.co.za](http://voelgoedwinkel.co.za)



**365 WYSHEDE**  
*uit die pen van*  
**SUSAN COETZER**



*Kliek en koop op*  
[voelgoedwinkel.co.za](http://voelgoedwinkel.co.za)